

PREDIKING IN 'N POSTMODERNE KONTEKS

deur

Paul Joubert

Voorgelê ter vervulling van die vereistes  
vir die graad

MA (Teologie)

in die

FAKULTEIT TEOLOGIE

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

Studieleier: Prof. HJC Pieterse

Medestudieleier: Prof. CJA Vos

OKTOBER 2005

University of Pretoria

TITLE: PREACHING IN A POSTMODERN CONTEXT

by Paul Joubert

Supervisor: Prof. HJC Pieterse

Co-Supervisor: Prof. CJA Vos

Department: Practical Theology

Degree: MA (Theology)

## SYNOPSIS

A new concept has appeared over the last couple of years, and it is receiving more and more attention in the media. Its name is postmodernism. Our children are experiencing it in the schools, on television, on the Internet, and magazines are full of it. Postmodernism is busy changing our society irrevocably, and has arrogantly seated itself in our Churches, preaching and Theology. According to postmodernism, there is no such thing as objective, firm and universal truth – everything is subjective, personal and relative experience. That is why postmodernism has brought the following problems to current preaching in the Christian Church. The preaching will eventually lose its grip on objective, revealed truth and will become morally accommodating, and stop proclaiming the Gospel of Jesus Christ as the only Mediator. Soon the Church will forsake its faith, lose its identity and forfeit its calling.

Lastly, the attack on preaching is not persecution, but making everything relative. The question is: will we still be able to preach Christ as the only way to the Father?

The aim of this thesis is to see the challenges that the postmodern time frame has set for the current preaching, and to take the opportunities it presents, to preach the Word of God effectively. According to this thesis, the answer lies in confessional preaching by confessing Jesus Christ.

## **SLEUTELTERME**

POSTMODERNISME

ILLOKUTIONêR

DEELNAME, DISTANSIëRING EN TOE-EIENING

EMPIRIESE ONDERSOEK

RIGLYNE VIR BELYDENISGERIGTE PREDIKING

## **KEY WORDS**

POSTMODERNISM

ILLOCUTIONARY

PARTICIPATION, DISTANCIATION AND APPROPRIATION

EMPERICAL RESEARCH

GUIDELINES FOR CONFESSIONAL PREACHING

## INHOUDSOPGAWE

|  |           |
|--|-----------|
| SLEUTELTERME.....  | iv        |
| INHOUDSOPGAWE.....   | v         |
| ERKENNINGS EN DANKBETUIGINGS.....                                | x         |
| INLEIDING.....   | xi        |
| <i>Metodiek</i> .....  | xii       |
| <b>HOOFSTUK 1.....</b>   | <b>1</b>  |
| POSTMODERNISME: WAT IS DIT?.....                                 | 1         |
| 1. <i>Modernisme</i> .....                                       | 1         |
| 1.1. <i>Wat wou modernisme bereik?</i> .....                     | 2         |
| 1.2. <i>Kenmerke van modernisme</i> .....                        | 3         |
| 1.3. <i>Prediking in die moderne tydvak</i> .....                | 4         |
| 1.4. <i>Samevatting</i> .....                                    | 5         |
| 2. <i>Postmodernisme</i> .....                                   | 5         |
| 2.1. <i>Wat is postmodernisme?</i> .....                         | 5         |
| 2.2. <i>Ontstaan van postmodernisme</i> .....                    | 6         |
| 2.3. <i>Pilare van postmodernisme</i> .....                      | 8         |
| 2.3.1. <i>Dekonstruksionisme: alles is relatief</i> ....         | 8         |
| 2.3.2. <i>Pluralisme: die waarheidsvraag</i> .....               | 10        |
| 2.3.3. <i>Relativisme: wat is reg en verkeerd?</i> ....          | 11        |
| 3. <i>Tien onderskeidende kenmerke van postmodernisme</i> ... 12 |           |
| 4. <i>Gevolgtrekking</i> .....                                   | 13        |
| <b>HOOFSTUK 2.....</b>   | <b>15</b> |
| CONFESSING JESUS CHRIST IN A POSTMODERN                          |           |
| WORLD.....   | 15        |
| 1. <i>Kritiese gesprek met mekaar</i> .....                      | 15        |
| 2. <i>Gesprek en belydenis</i> .....                             | 16        |
| 3. <i>Om jou geloof te bely</i> .....                            | 17        |

|        |  |    |
|--------|--|----|
| 3.1.   | <i>ΟΜΟΛΟΓΕΩ</i> in die Nuwe Testament.....   | 17 |
| 3.2.   | <i>Belydenis in hedendaagse Teologie</i> .....   | 19 |
| 3.2.1. | Miroslav Volf.....   | 20 |
| 3.2.2. | B.A. Gerish.....   | 21 |
| 3.2.3. | Douglas John Hall “ <i>Confessing the Faith</i> ” .....  | 22 |
| 3.2.4. | J.L. Austin.....   | 22 |
| 3.2.5. | John R. Searle.....  | 23 |
| 4.     | <i>Lucy Atkinson Rose (Postmoderne gesprek en distansiëring van dit wat gesê is tot die toe-eiening daarvan)</i> ..... | 25 |
| 4.1.   | <i>Gaping tussen prediker en gemeente</i> .....  | 26 |
| 4.2.   | <i>Neutraliteit van taal</i> .....   | 26 |
| 4.3.   | <i>Onkritiese aannames oor die waarheid</i> .....  | 27 |
| 4.4.   | <i>Kritiek op Rose se gespreksgerigte prediking</i> ...  | 28 |
| 5.     | <i>Die prediker se gesprek met die teks</i> .....  | 30 |
| 5.1.   | <i>Inleiding</i> .....   | 30 |
| 5.2.   | <i>Die belydenis van die teks soos die prediker daarmee in gesprek is</i> .....  | 30 |
| 5.2.1. | Eksegetiese studie om die belydenis(se) van die teks te ontsluit .....   | 31 |
| 5.2.2. | Ons erken ons kom na die teks met ons eie belydenisse.....   | 32 |
| 5.2.3. | Die Bybelse teks soek ‘n antwoord, en vir die prediker is dit die preek .....  | 34 |
| 6.     | <i>Belydenis en gemeente</i> .....   | 36 |
| 6.1.   | <i>Inleiding</i> .....   | 36 |
| 6.2.   | <i>Retoriek van belydenis</i> .....  | 37 |

|        |   |           |
|--------|---|-----------|
| 6.3.   | <i>Die omgekeerde retoriek van die kruis en opstanding.....</i>               | 38        |
| 6.4.   | <i>'n Retoriek van uitnodiging.....</i>                                       | 40        |
| 6.4.1. | <i>Aanbied van insigte en perspektiewe.....</i>                               | 41        |
| 6.4.2. | <i>Ruimte (atmosfeer) te skep van veiligheid, waarde en vryheid .....</i>     | 41        |
| 6.4.3. | <i>Die belangrikheid van Foss en Griffen se retoriek van uitnodiging.....</i> | 42        |
| 6.5.   | <i>'n Retoriek van kenosis (leegmaak).....</i>                                | 42        |
| 7.     | <i>Vorm as beweging.....</i>  | 43        |
| 7.1.   | <i>Christine Smith.....</i>   | 44        |
| 7.2.   | <i>Frederick Buechner.....</i>  | 44        |
| 8.     | <i>Die taal van belydenis.....</i>  | 46        |
| 8.1.   | <i>Beslissend.....</i>  | 46        |
| 8.2.   | <i>Dringend.....</i>  | 47        |
| 8.3.   | <i>Verhoudend.....</i>  | 47        |
| 8.4.   | <i>Kwesbaar.....</i>  | 48        |
| 9.     | <i>Samevatting.....</i>   | 48        |
|        | <b>HOOFSTUK 3.....</b>  | <b>49</b> |
|        | <b>PREEKANALISE VAN DRIE PREKE.....</b>                                       | <b>49</b> |
| 1.     | <i>Inleiding.....</i>   | 49        |
| 2.     | <i>Interpretatiewe metedologie.....</i>                                       | 49        |
| 2.1.   | <i>Fase Een.....</i>  | 49        |
| 2.2.   | <i>Fase Twee.....</i>   | 50        |
| 2.3.   | <i>Fase Drie.....</i>   | 50        |
| 2.4.   | <i>Fase Vier.....</i>   | 50        |
| 2.4.1. | <i>Die preek .....</i>  | 50        |
| 2.4.2. | <i>Die hoorder.....</i>   | 50        |
| 2.4.3. | <i>Die prediker .....</i>   | 51        |

|   |           |
|---|-----------|
| 2.4.4. Die Heilige Gees.....  | 52        |
| 2.4.5. Toepassing .....   | 52        |
| 3. <i>Preekanalise volgens Stark se interpretatiewe metodologie homiletiese model</i> ..... | 52        |
| 3.1. <i>Fase Een</i> .....  | 52        |
| 3.2. <i>Fase Twee</i> .....   | 53        |
| 3.3. <i>Fase Drie</i> .....   | 53        |
| <i>Preek A</i> .....  | 53        |
| <i>Preek B</i> .....  | 59        |
| <i>Preek C</i> .....  | 62        |
| 3.4. <i>Fase Vier. Die interpreterende analise van die preke</i> .....                      | 65        |
| 3.4.1. Die preek (algemene karakteristieke, vorm, lengte, ensovoorts) .....                 | 68        |
| 3.4.2. Die hoorder .....  | 70        |
| 3.4.3. Die prediker .....   | 73        |
| 3.4.4. Die Heilige Gees .....   | 74        |
| 3.4.5. Toepassing volgens Lose se belydenisgerigte prediking van Jesus Christus .....       | 74        |
| 4. <i>Gevolgtrekking</i> .....  | 78        |
| 5. <i>Samevatting van wat tot dusver gesê is</i> .....                                      | 79        |
| <b>HOOFSTUK 4 .....</b>   | <b>81</b> |
| <b>BELYDENISGERIGTE PREDIKING OP DIE INDUKTIEWE WYSE .....</b>                              | <b>81</b> |
| 1. <i>Inleiding</i> .....   | 81        |
| 2. <i>Induktiewe wyse van prediking</i> .....   | 82        |
| 2.1. <i>Deduktiewe wyse van prediking</i> .....   | 83        |
| 2.2. <i>Induktiewe wyse van prediking</i> .....   | 83        |



|   |     |
|---|-----|
| 3. <i>Hoekom die induktiewe wyse van prediking?.....</i>  | 84  |
| 4. <i>Belydenisgerigte prediking op die induktiewe wyse.....</i>  | 86  |
| 4.1. <i>Die voorgesprek.....</i>  | 86  |
| 4.1.1. Ken jou gehoor (deel van die<br>voorgesprek).....  | 89  |
| 4.1.2. Die prediker se gesprek met die<br>Bybelteks.....  | 90  |
| 4.2. <i>Die gesprek tydens die preek.....</i>   | 91  |
| 4.2.1. Begin die boodskap waar die hoorders<br>is.....  | 91  |
| 4.2.2. Belangrikheid van die liturgie in die<br>erediens.....   | 93  |
| 4.2.3. Belangrikheid van die volgende elemente:<br>humor, metafore, simbole en<br>oudio-visuele tydens die erediens-<br>gesprek ..... | 94  |
| 4.2.4. 'n Voorbeeld van 'n belydenisgerigte<br>preek op die induktiewe wyse .....   | 98  |
| 4.3 <i>Die gesprek na die erediens.....</i>   | 104 |
| 4.3.1. Vrae rondom die preek .....  | 104 |
| 4.3.2. Ruimtes vir die gesprek om plaas te<br>vind.....   | 105 |
| 4.3.3. Geleentheid vir terugrapportering .....  | 105 |
| 4.4 <i>Gevolgtrekkinge .....</i>  | 105 |
| 5. <i>Samevatting.....</i>  | 106 |
| BRONNELYS.....  | 108 |

## ERKENNINGS EN DANKBETUIGINGS

1. Dankie Professor Pieterse, vir u leiding en raad met die verhandeling. Dankie vir u gasvryheid en lekker beskuitjies wat ek by u gekry het. Sterkte ook vir u vorentoe.
2. Dankie aan my vrou wat my so mooi ondersteun het en baie keer vir Professor Pieterse gebel het om iets vir my uit te vind as ek op huisbesoek was.
3. Laastens 'n groot dank aan Jesus Christus, wat ek bely as my Verlosser wat vir my gesterf en opgestaan het.

## INLEIDING

Toekoms langs 'n graf

Dis die blond

Dis die blou

Dis die veld

Dis die lug;

En 'n voël draai bowe in eensame vlug-

Dis al.

Dis 'n balling gekom

Oor die oseaan

Dis 'n graf in die gras,

En 'n vallende traan-

Dis al (Cilliers 1984: 75).

Hierdie gedig vertel van 'n Boerekryger wat na die oorlog uit ballingskap na sy geliefdes teruggekeer het. Maar met die oorlog het dinge baie verander. In plaas van sy vrou wat hom met ope arms tegemoetsnel en die geluid van kindervoetjies wat agterna hardloop, struikel hy oor 'n hopie grond in die gras wat die enigste teken van sy geliefde is. Daar is 'n vallende traan; die ou lewe en dinge wat was, is nou nie meer nie. Dit wat eens was, is nou maar net herinneringe wat saam met die trane van sy wange afloop. Dinge het so verander. Nou moet hy van voor af gaan begin, nuwe sin gaan soek, 'n nuwe lewe gaan maak, en dit is nie maklik nie.

Ek het die gedig aangehaal, want ons leef in 'n nuwe tydsgees. 'n Nuwe begrip het die afgelope paar jaar verskyn en kry al hoe meer aandag in die

media. Sy naam is postmodernisme. Postmodernisme is die gees van ons tyd. Dat dit iets is waarvan ons deeglik moet kennis neem, is gewis. Moenie dink dit is net 'n vinnige gier in filosofiese kringe nie. Nee, postmodernisme is met ons. Ons kinders kry dit by die skole, op televisie, op die Internet, en tydskrifte drup daarvan. Postmodernisme is besig om ons samelewing onherroeplik te verander, en postmodernisme het homself ook arrogant in die gestoeltes van die Kerk, prediking en Teologie kom sitmaak.

Volgens postmodernisme is daar nie regtig iets soos objektiewe, vasstaande en universele waarheid nie - alles is subjektief, persoonlik en relatiewe beleving. Dus as iets vir jou waar is, dan is dit waar. Dis jou opinie, en dis goed so. Aanvaar net dat iets anders vir jou buurman ook waar kan wees. Dis weer sy opinie. Enige oortuiging is dus in orde - solank jy net nie sê dat 'n ander s'n verkeerd is nie. Dit is die enigste oortuiging wat verkeerd is.

## 1. PROBLEEMSTELLING

Ek noem drie probleme wat postmodernisme na vore bring vir die hedendaagse prediking in die Christelike Kerk:

- Eerstens sal die prediking algaande sy greep op objektiewe, geopenbaarde waarheid verloor, moreel al hoe meer akkommoderend raak, en ophou om die Evangelie van Christus as enigste Middelaar uit te dra. Spoedig sal die Kerk sy geloof versaak, sy identiteit verloor, en sy roeping verbeur.
- Tweedens sal die prediking beleef waarvan die boek Prediker praat. Hierdie filosofie van twyfel, en skeptisisme wat alles versubjektiveer en relativeer moet noodwendig lei

tot sinloosheid, en uiteindelik tot agnostisisme. As niks vas is nie, waar sal ons uitvind of daar 'n God is? Hoe sal ons weet wie of wat Hy is? As ons dit nie meer kan aanspreek in die prediking nie, is alles, letterlik alles, 'n gejaag na wind!

- Derdens is die aanslag teen die prediking nie vervolging nie, maar relativering. Sal ons nog in die prediking kan verkondig dat Christus die enigste weg tot die Vader is? Sal ons nog kan verkondig wat sonde is?

## 2. DOEL VAN DIE STUDIE

Die doel van die verhandeling is om die uitdagings wat die postmodernistiese tydsges vir die hedendaagse prediking bied, raak te sien, en om die geleentede wat dit daarstel, aan te gryp om God se Woord in hierdie tydsges doeltreffend te kan verkondig.

Kortliks beoog ek met die verhandeling om 'n model vir prediking daar te stel wat getrou is aan ons Christelike prediking (Jesus as die enigste Verlosser), en om die postmoderne konteks tot voordeel van die hedendaagse prediking te benut.

## 3. METODIEK

Hierdie verhandeling is 'n literatuurstudie van bronne wat beskikbaar is oor die onderwerp. Deel van die studie is ook 'n ontleding van 'n aantal preke wat gelewer is deur Predikante in die ring van Delmas.

Uit my literatuurstudie het ek die verhandeling soos volg ingedeel:

1. Hoofstuk 1 poog om 'n beskrywing te gee van die postmoderne tydperk waarin ons leef. Ons gaan kyk na die spesifieke kenmerke van die tyd, en hoe dit verskil van die moderne tydperk waaruit ons kom.
2. Hoofstuk 2 is 'n bespreking van David Lose se skitterende boek "*CONFESSING JESUS CHRIST Preaching in a Postmodern World*". Ons gaan in die hoofstuk kyk wat die boek sê hoe 'n mens behoort te preek in die postmoderne konteks.
3. Hoofstuk 3 is 'n preekanalise van 3 preke wat gelewer is deur verskillende Predikante in die ring van Delmas.
4. Hoofstuk 4 is my teorie oor hoe die prediking in 'n postmoderne konteks behoort te wees om deelname, distansiëring en toe-eiening moontlik te maak, sodat postmoderne hoorders dit wat ons bely oor Jesus Christus, daarmee op weg kan gaan. Deel van die hoofstuk is 'n voorbeeld van so 'n preek in 'n postmoderne konteks.

## HOOFSTUK 1

### POSTMODERNISME: WAT IS DIT?

#### INLEIDING

Voordat mens kan sê wat ons met postmodernisme bedoel, en 'n beskrywing kan gee van die tydvak wat ons postmodernisme noem, moet ons eers verstaan wat modernisme is.

#### 1. MODERNISME

Wat is modernisme en wanneer het moderniteit begin? Die standaardantwoord is dat modernisme rondom die begin van die sewentiende eeu begin het, en dat dit gebou is op die tweelingpilare van die moderne filosofie (met Rene Descartes as sleutelfiguur) en die moderne wetenskap (met Galileo en Newton as belangrike figure) (Koopman en Vosloo 2002:22).

Van der Walt (2005:1) skryf in sy artikel dat die moderne wêreld tydens die Aufklärung, oftewel die Verligting van die vroeë agtiende eeu, gebore is. Die uitstaande filosoof van hierdie tyd was 'n Duitse professor aan die Universiteit van Koningsbergen, Immanuel Kant (1724-1804). Geen ander denker het die lewens- en wêreldbeskouing van die negentiende en twintigste eeue meer ingrypend beïnvloed as hierdie man nie. In 1784 skryf hy 'n artikel waarin hy die vraag vra, wat is die Aufklärung? Eenvoudig gestel kom sy antwoord daarop neer: dis die mens se mondigwording! Uiteindelik sê hy het die mens geleer om vir homself te dink - onafhanklik van die Bybel, of die kerk, of die staat se voorskrifte.

Kant het geleer dat alle kennis slegs gebaseer is op sintuiglike waarneming (empirisisme), maar dat die rede dit dan moet vertolk, verwerk en orden (rasionalisme). Dit het gelei tot die wydverspreide mite van totaal objektiewe wetenskap en 'n diep vooroordeel teen die bonatuurlike. Groot dele van die Bybel, onder andere die maagdelike geboorte van Jesus Christus, wonderwerke en Christus se opstanding, is dus onaanvaarbaar. En natuurlik die Goddelike oorsprong en gesag van die Woord het Kant se toets ook nie geslaag nie. Die modernisme beskou die rede dus as outonoom. Dis nie onderworpe aan 'n gesag wat van buite af kom nie, en daarom ook nie aan God se Woord nie.

Modernisme is al vir die laaste 250 jaar die heersende denkraamwerk, en die meeste van ons denke is hierdeur gevorm sodat dit vir ons moeilik is om die skuif wat ons tans ervaar, te verwerk. Om as “modern” geklassifiseer te word was immers 'n kompliment. Dit het beteken dat ons kontemporêr is en in pas is met die tyd (Lose 2003: 8).

Daar is egter al hoe meer bewyse dat baie “moderne” mense so 'n bietjie agter die die tydsgees is (Quicke 2003: 70).

### 1.1. Wat wou modernisme bereik?

Lose (2003: 9) beskryf dit dat “Early modernists sought to erect a society guided, not by superstitious belief, but by a universally valid rationality. While retaining the overarching belief in God that shaped the Christian world of medieval Europe, they nevertheless suspected that grounding one’s understanding of the workings of the creation on theological speculation about the nature of the Creator (or in earlier Greek thought, Being) was entirely inadequate, and therefore freely called into question the metaphysical convictions of the previous ages.”



The result, as Diogenes Allen points out, is an important philosophical shift in emphasis from ontology (questions of Being) to epistemology (Questions of knowing) (Allen 1985:171).

Die werklikheid word dus deur die mens se konsepte gevorm.

Modernisme, wat sy ontstaan in die Verligting gehad het, wou dus groei na 'n tydperk wat wetenskaplike sekerheid sou bring, menslike optimisme, en die geloof in vooruitgang tot 'n "beter wêreld" (Johnston 2001:25).

Ek kan dit nie mooier saamvat, as in die volgende woorde van Johnston nie: "It became the goal of the human intellectual quest to unlock the secrets of the universe and to create a better world" (Johnston 2001:26).

Dit bring ons by die vraag: Wat is die spesifieke kenmerke van hierdie tydperk, bekend as "modernisme"?

## 1.2. Kenmerke van modernisme

- Ware objektiewe kennis, wat bestaan as 'n vaste sekerheid met die rede wat die alleen regter is om waarheid te bepaal.
- Die wêreld word beskryf dat dit op twee vlakke funksioneer. Die objektiewe, fisiese en wetenskapslike sfeer (wat oop was vir openbare debat), en die subjektiewe geestelike, en morele sfeer (wat 'n saak van persoonlike oortuiging was).
- Die wêreld is gesien dat dit bestaan in 'n skema van oorsaak en gevolg, sodat die dinge wat gebeur in die wêreld, verklaar kon word in terme van empiriese bewyse.
- Kennis was beskou as inherent goed, en dit het te doen gehad het met feite wat gesien is as neutraal en vry van waardes.

- Vooruitgang, met ander woorde tegnologie, wetenskaplike ontdekkings, en ekonomiese ontwikkeling was belowend, en sou uiteindelik die mensdom lei na 'n beter wêreld en persoonlike geluk.
- Die mensdom was inherent goed, en deur die gebruik van die rede en vernuf, kon mense alle wêreldse probleme oplos (Johnston 2001:25).

### 1.3. Prediking in die moderne tydvak

Ek wil net kortliks wys op die kenmerke van prediking in hierdie tydvak, en daarmee wil ek nie sê dat predikers vandag nie meer so preek nie. In baie kerke vind sulke prediking nog steeds plaas.

In 'n insiggewende artikel "*Expository Preaching in a Postmodern World*", beskryf Clements (1999:174 - 182) die kenmerke van hierdie era se prediking:

- Die prediking was argumentief wat 'n volle eksegetiese uitleg van die Bybelteks gegee het. 'n Mens sou veral tydens sulke preke hoor dat die oorspronklike betekenis van 'n woord in die Hebreeus of Grieks die volgende betekenis het.
- Die prediking was outoritêr. Die Dominee het gepraat, en die gemeente moes luister wat hy sê.
- Die prediking was gerig op die intellektueles wat die konsentrasievermoë gehad het om na lang preke te kon luister. Ek weet self as kind dat dominees dikwels 'n volle uur kon "babbel", en as jy my sou vra wat het hy (dominee) nou eintlik gesê, dan sou ek jou nie kon antwoord nie. Ek weet van baie ander mense wat dit ook sal sê.

Long (1989:29) beskryf verder dat prediking in hierdie tyd deduktief was, wat beteken dat daar begin is met die lees van 'n betrokke Bybelteks, waarna 'n uitleg (vers vir vers) plaasgevind het, met 'n toepassing. Volgens die model is daar van bo (die Bybel) na onder (die mens) beweeg. Die gemeentelid was heeltemal passief, so passief dat baie aan die slaap geraak het.

'n Verdere kenmerk van die prediking was dat dit sonder storietjies, opinies van die prediker en enige kleurvolle inkleding plaasgevind het. Prediking is gesien as die uitleg van God se Woord.

#### 1.4. Samevatting

Die donker kant van modernisme is dat dit verabsoluteer, normatief gemaak is vir alle ander mense, en dit kan beskryf word as modernisme. Die werklikheid is gereduseer tot wat vir die wetenskap waarneembaar is. Die rasionaliteit van modernisme maak aanspraak op universele geldigheid van hierdie rasionaliteit, gevolglik is dit die aanbieding van 'n eenheidsverhaal van hoe die wêreld en die teologie werk, en dit is geldig vir alle mense. Niks wat buite hierdie raamwerk val is werklik nie, en so is afgereken met al die gode, mites en verklarings wat in premoderne wêreldbeelde aangebied is (Die Nuwe Hervorming 2002:73).

## 2. POSTMODERNISME

### 2.1. Wat is postmodernisme?

Die denkstruktuur en gees van postmodernisme het nie so dramaties ontstaan soos dié van modernisme nie. Daarmee bedoel ons dat daar nie soos met modernisme 'n reeks opeenvolgende wetenskaplike ontdekkings en insigte was wat gelei het tot die "wetenskaplike tyd" nie. Veel eerder

dra postmodernisme die karakter van 'n tydsgees ontwikkeling. Dit is daarom glad nie maklik om die ontwikkeling sowel as die aard van die postmoderne denke te beskryf nie. Die vele fasette van hierdie denkstruktuur maak dit nog moeiliker om op 'n eenvoudige manier te probeer sê: "Dit is postmodern; so lyk dit" (Du Toit 2000:50).

Vir sommige beteken "post" 'n agterlaat van dit wat verander. Postmodernisme verteenwoordig daarom 'n absolute verwerping van die moderne periode asook die ideale wat modernisme wou bereik.

Ander gebruik die term "post" om aan te dui dat daar 'n nuwe soort denke volg op die modernisme. Om hierdie rede beskou hulle die era van postmodernisme nie as 'n skeiding tussen postmodernisme en modernisme nie, maar eerder 'n onvermydelike evolusie van modernisme (Lose 2003:8). Dit is dus eerder kritiek van die laat-modernisme op die hoogbloei van modernisme.

## 2.2. Ontstaan van postmodernisme

Die verwoestende gevolge van die Eerste en Tweede Wereldoorloë is waarskynlik een van die belangrikste oorsake van die ontstaan van die postmoderne tydsgees. Daar was 'n groot ontugtering in die mens se vermoë om 'n beter wêreld te skep. Die matelose optimisme in die mens se intellektuele vermoëns en tegnologiese vindingrykheid, wat sedert die opkoms van die wetenskaplike tyd van die modernisme op alle terreine geheers het, was aan skerwe. In hierdie proses was daar sekere psigologiese en intellektuele prosesse aan die gang wat die verloop van die gebeure probeer dikteer het, wat met objektivisme en suiwer kennis, die oogmerke en ideale van die modernisme min te make gehad het.

Dus, in die verloop van sake en hoe dinge uiteindelik gebeur het, kon die modernisme dit nie met logika, eksperimente, of koue syfers bepaal nie. Uit die ruïnes van Wes-Europa en Japan het daar 'n stem opgegaan na 'n herwaardering van die sogenaamde suksesverhaal van die wetenskaplike eeu (Du Toit 2000:52).

Hierdie gees van realisme het ook sy invloed laat geld in die sosiale wetenskappe, in die sosiologiese, psigologiese, filosofiese, en teologiese denke. Die kriteria vir wat as wetenskaplike kennis beskou kan word, wat as feite aanvaar kan word, en wat dus as waar beskou kan word (die epistemologie; die status van waarheidsaansprake), is deur die wetenskapfilosofie aan indringende en kritiese vraagstelling onderwerp. Die klem het al hoe meer begin val op die sogenaamde voorvrae (prolegomena) in 'n poging om die status van die waarheidsaansprake van wetenskaplike bevindings en uitsprake te bepaal. 'n Voorbeeld van 'n "voorvraag" lyk so: Ons praat in die kerk en in die prediking oor God. In hierdie verband is 'n voorvraag dus: Voor ons oor God praat en allerhande dinge aan Hom toesê, moet ons eers vra: Is daar 'n God?

Die feit dat subjektiewe ervaring 'n bepalende rol speel in die interpretasie van Bybeltekste en kennis, het enige aansprake op "suiwer" kennis en objektiewe inligting al hoe meer verdag gemaak en onder die vergrootglas geplaas (Du Toit 2000:52 ).

Binne die filosofiese en teologiese kader is boeke soos dié van die Amerikaner William James met die betekenisvolle title: *The meaning of Truth- a pluralistic universe* (1909) met nuwe aandag gelees. Sy bekende *Varieties of religious experience* (1902) bring die feit van alternatiewe vorme van religieuse ervarings en alternatiewe waarheidsaansprake van

godsdiensige tradisies onder die aandag van denkers wat toenemend ontnugter is deur die konflikterende aansprake van mense dat hulle oor absolute waarhede beskik (Du Toit 2000:52-53).

Gaandeweg, veral met behulp van die verstommende kommunikasie en rekenaartegnologie wat die wêreld in al sy verskeidenheid en pluriformiteit tot in die huise van gewone mense bring, en van hulle as't ware "kitswêreldburgers" maak, het die blootstelling aan die sogenaamde "global villiage", die begrippe "subjektivisme" en "relativisme", nog verdere prominente status gegee in die gesprekke rondom die soeke na betroubare kennis en waarheid (Du Toit 2000:53-54). Ons kan dus tereg daarom praat dat ons met 'n nuwe tydsges te make het, en daarom wil ons nou kyk na die pilare van postmodernisme.

### 2.3. Pilare van postmodernisme

Hier probeer ek aantoon wat die implikasie van die idees van postmoderne denke is vir die Christelike lewe, en dus ook vir die Christelike prediking.

#### 2.3.1. Dekonstruksionisme: alles is relatief

As definisie en waarheid nie absoluut is nie, beteken dit dat dit voortdurend aangepas kan word sonder enige vrees vir teenspraak. En as daar nie so iets soos absolute waarheid is nie, kan daar ook nie iets soos die leun wees nie, want alles gaan oor interpretasie.

Vir die postmodernis is waardes soos vaste oortuigings en konsekwentheid fundamentalisties, en dus verkeerd. Dit beteken dat elke mens meer as een "persoonlikheid" kan hê - godsdiensig, seksueel,

professioneel, polities, ensovoorts. En nie een hiervan hoef in pas met die ander te wees nie.

Dis waarom van “dekonstruksionisme” gepraat word. Konstruksie is om aan mekaar te sit, dekonstruksie is om uit mekaar te haal. En vir die postmodernis maak dit nie saak as dieselfde mens meer as een rol speel nie. As hy Vrydagaand sedeloos optree, kan hy Sondag rustig in die kerk sit sonder gewetenswroeging. Die een kompartement van sy lewe hoef nie betrekking te hê op die ander nie. Wie het gesê daar moet konsekwentheid in sy lewe wees? (Van der Walt 2005:4).

Vir die prediking in ‘n postmoderne konteks sal dit ‘n uitdaging wees om aan so ‘n persoon rigting te gee, sodat daar konsekwentheid in sy lewe sal wees van Maandag tot Maandg.

Die “Vader” van dekonstruksionisme was natuurlik Jaques Derrida (15 Julie 1930 - 8 Oktober 2004). In sy *Signature Event Context* beskryf Derrida (1982: 329) dekonstruksionisme soos volg: “Deconstruction does not consist in passing from one concept to another but in overturning and displacing a conceptual order, as well as a nonconceptual order, with which the conceptual order is articulated.”

Dekonstruksionisme wil die ongelykheid, dubbelsinnigheid, en teenstrydighede van ons wêreld verwoord. Hierdie metode van interpretasie wil dus die gemeenskap aanmoedig om die relatiwiteit in elke vorm van interpretasie te besef. Dekonstruksionisme wil nie die relatiwiteit van een spesifieke benadering tot die wêreld of konteks vervang met ‘n ander benadering nie. Dit poog om te wys dat elke interpretasie van die werklikheid deurspek is van ongelykheid, dubbelsinnigheid en teenstrydighede (Derrida 1982:329).

Hierdie metode van analisering wil dus die fondasie van elke samelewingsstelsel omvergooi. Dekonstruksionisme gooi op die ou einde alle gesag van orde en alles waarvoor orde staan, omver. Hierdie postmodernistiese filosofie het vir ons vandag in die kerk, prediking, skole, en samelewing 'n lewende "hel van chaos" veroorsaak.

### 2.3.2. Pluralisme: die waarheidsvraag

Pluralisme sê dat absolute waarheid nie kenbaar is nie, en dat twyfel normaal is. Oor een saak kan daar talle sieninge wees, en elkeen het 'n reg op waarheid. Daarom is godsdienstige waardes 'n kwessie van eie keuse. Objektiewe, universele en onveranderlike ortodoksie bestaan nie. Dus is daar ook nie iets soos ketterry nie. Die enigste ketterry is om enigiets ketterry te noem. Geen godsdienstige beskouing durf homself as die enigste legitieme siening aanmatig nie. En nog minder kan dit ander beskouings as verkeerd afmaak (Van der Walt 2005:4).

Persoonlike keuse is dus alles. Ons leef in die era van doen-dit-self godsdienste. Elkeen maak sy eie god op soos dit hom pas. En niemand hoef een van die bestaande opsies te kies nie. Elkeen kan sy eie filosofiese en godsdienstige stelsel opbou deur waar- jy- ook- al- wil 'n handvol te gaan haal. Geïnstusionaliseerde en vasgelegde ortodoksie is uit; tuisgemaakte, saamgeflanse en persoonlike spiritualiteit is in. Elkeen selekteer na hartelus vanuit die eeu-oue en wêreldwye verskeidenheid (Van der Walt 2005:4).

En terwyl alle opsies ewe legitiem is, is die maatstaf wat saak maak dié van opwinding. Die postmodernisme is in die eerste instansie 'n kultuur op soek na beleving, eerder as na waarheid (waarin dit in elk geval nie glo nie) (Van der Walt 2005:4).



Postmodernistiese mense eet ook nie alles vir soetkoek op nie. Mense is versigtiger, skeptieser en meer suspisius. Hulle wil insig en dit wat hulle kan aanvaar self ontdek, in gesprek met 'n meer intieme groep mense wat hulle kan vertrou.

Hierdie behoefte verwys ons na die belangrikheid van deelname in groepe, in ruimtes vir gesprek en gemeenskap vir dialoog. Ons sal veel meer moet maak van die ontmoeting met God en met mekaar in die prediking en erediens. In die sogenaamde "New Homiletic" in die Amerikaanse teologie is die belangrikheid van die narratiewe en die ervaring wat deur die preek heen bewerk word, gerig op 'n ontmoeting met God (Immink 2001). Deur hierdie soort ervaring heen gaan mense oop vir die aanvaarding van insigte uit die Skrif.

Die behoefte aan deelname en gesprek voor die erediens, tydens, en na die erediens probeer ek aanspreek in die verhandeling, sodat ons in die gesprek met mekaar kan praat oor die Waarheid (Jesus Christus).

### 2.3.3. Relativisme: wat is reg en verkeerd?

Wat die etiek betref - Douma (1984:12-14) beskryf etiek as die nadenke oor sedes - het elkeen die reg om sy eie morele standaard te kies.

Aangesien daar geen objektiewe en algemeen geldende norme is nie, moet elkeen in elke betrokke situasie self kies wat vir hom reg of verkeerd is.

'n Belangrike kenmerk van baie mense in ons gemeentes is die verwerping van gesag en outoriteit (waarin mag en die moontlike misbruik daarvan so 'n groot rol kan speel) en die oorskatting van die eie subjektiewe ervaring en sieninge (Sweet 2000:27). Die persoonlike,

subjektiewe wêreld met sy ervarings as die “klein verhale” van elke mens se belewenis, word die oorheesende waarheid van wat reg en verkeerd vir ‘n individu is. Ervarings is feite. Die kriterium is: wat “voel” die beste, en dit word rigtinggewend vir mense in die postmoderne geestesklimaat (vgl. Lutzer 1994).

Die postmoderne wêreld het beswaarlik nog ‘n samelewingskonsensus oor reg en verkeerd nodig. Weliswaar word baie gedebatteer daaroor. Maar meestal is dit net ‘n uitpak van elkeen se gevoelens oor die saak. Jy het jou opinie en ek het myne - en dis in orde so. Self (die ek) is die middelpunt van moraliteit; etiek is dus geprivatiseer. Al wat aanstoot gee is enige aanspraak op gesagsvolle absolutes.

Johnston (2001: 41-42) gee vir my nogal ‘n goeie voorbeeld van die “aanstoot” wat ons kan gee as ons praat van absolutes, van reg en verkeerd. Hy sê: “If someone appears on the Jay Leno Show and says, I’ve been married to the same woman for forty-two years, the audience will applaud. But if that same person were to continue, And I believe lifelong monogamy is the biblical standard of what is right for all married couples, they will boo him off the stage.” Ons kan daarom sê dat postmoderne mense nie daarvan hou as iets op hulle afgedwing word nie. Postmoderne mense wil vry wees om hul eie gevoel oor ‘n saak te hê van reg en verkeerd. En as ons mekaar duld, kan ons in vrede saamleef en saamwerk.

### 3. TIEN ONDERSKEIDENDE KENMERKE VAN POSTMODERNISME

Johnston (2001: 26) gee tien onderskeidende kenmerke wat postmodernisme onderskei van modernisme. Dit is die volgende:

- Postmodernisme is 'n reaksie teen alle vorme van modernisme.
- Postmodernisme verwerp enige aanspraak van objektiewe waarheid.
- Postmodernisme is skepties en suspisies teenoor enige vorm van gesag.
- Postmodernistiese mense is soos verlore mense in hulle soektog na identiteit, en na die sin van die lewe.
- Postmodernisme is aanhoudend opsoek na die transendente God.
- Postmodernistiese mense lewe in 'n media massa kommunikasie wêreld soos nog nooit tevore nie.
- Postmodernisme neem deel aan die vraag na kennis, maar interpreteer dit vir hulleself.
- Postmodernisme is op soek na gemeenskap met mekaar, mense wie hulle mee kan deel en beleef.
- Postmodernisme word gekenmerk deur 'n materiële wêreld.
- Postmodernisme het nie 'n stel reëls van reg en verkeerd nie, en is aangewese op pragmatisme. As dit vir my reg voel dan doen ek dit, en as dit nie reg voel nie, doen ek dit nie.

#### 4. GEVOLGTREKKING

Dit is duidelik dat ons met 'n nuwe tydsgees te make het. Ek wil die afleiding maak dat ons as gevolg van die postmodernistiese tydsgees ook 'n nuwe soeke het na spiritualiteit (die mens se wandeling met God). In die konteks van Suid-Afrika het ons 'n behoefte aan 'n spiritualiteit wat hoop en inspirasie bring.

Hoofsaak is: Wanneer ons binne die postmoderne denkklimaat hierdie perspektief kry op die Christendom, beteken dit eenvoudig dat ons vanuit

‘n inklusiewe (en nie ‘n eksklusiewe nie) styl van denke moet oopmaak vir alternatiewe geloofsbelewinge en ervarings. Waar hierdie diverse beeld van die kerk in die modernisme onderdruk is en negatief beoordeel is, kan ons binne die postmoderne wêreld vandag sien dat dit amper ‘n noodsaaklikheid is vir die voortbestaan van die Christelike kerk dat verskillende behoeftes vervul sal word, sodat verskillende doelstellings bereik sal word met die kerk in sy geheel in die wêreld.

Binne die postmoderne denkklimaat sal dit egter nog meer as dit beteken. Dit sal verder beteken dat daar met beskeidenheid rekening gehou moet word met die voorlopigheid van ons gestaltes van die kerk; met die voorlopigheid van ons insigte; met die moontlikheid om deur middel van gesprek en ‘n nie-fundamentalistiese aanslag moontlike korreksies aan te bring op ons standpunte; dat ons sal weet dat ons kennis subjektief van aard is; dat ons manier van doen kom uit ‘n komplekse netwerk van historiese, psigologiese, maatskaplike, religieuse en wetenskaplike insette; dat ons daarom minder fanaties en ongenaakbaar sal wees teenoor die wat van ons verskil; dat hopelik iets van God self sigbaar sal word in die manier waarop die veelkleurige kleed van die Christendom homself vertoon.

Dit sal noodwendig ook moet uitkom in die prediking, en daarom bespreek ek in die volgende hoofstuk David Lose se boek “*Confessing Jesus Christ, Preaching in a Postmodern World*”, hoe mens behoort te preek in ‘n postmoderne wêreld.

## HOOFSUK TWEE

### CONFESSING JESUS CHRIST IN A POSTMODERN WORLD

#### INLEIDING

Postmodernisme verwerp alle aansprake op “objektiewe waarheid”, waar modernisme aanspraak daarop gemaak het. Die vraag is nou: Hoe gaan ‘n mens in die postmoderne tyd met integriteit kan preek as postmoderniteit juis skepties is oor enige aanspraak van waarheid?

#### 1. KRITIESE GESPREK MET MEKAAR

Hierdie probleemstelling vir die kerk, en die prediking, bring ons voor die belangrikheid van gesprek met mekaar in die postmoderne wêreld.

Lose (2003:58) wanneer hy oor die belangrikheid van gesprek met mekaar praat, dan noem hy dit “dialogical realism” (tweegesprek oor die werklikheid) as gevolg van die gesprek. Hierdie tweegesprek is natuurlik glad nie ‘n permanente weergawe van realiteit wat modernisme daar wil stel nie, maar so ‘n gesprek verskaf genoeg ruimte vir die postmoderne mens om sy stem te laat hoor, en die gevaar van modernistiese fideïsme (‘n onwrikbare vashou aan ‘n stel godsdienstige reëls) te oorkom (Lose 2003:58 ).

Om seker te wees dat so ‘n kritiese gesprek sal lei tot ‘n tweegesprek en partykeer ‘n mate van ooreenstemming, sal nie maklik wees nie. Soos David Tracey sê: “The hard rules of conversation quickly surface”(David Tracey 1987:26). Wat hy hiermee bedoel is dat ons gou weer ‘n stel reëls opstel waarvolgens die tweegesprek moet plaasvind. Dan verval ons weer in modernistiese vaste vorme, en dit is nie aanvaarbaar vir postmodernisme nie.

Dit is egter nodig om hier drie algemene riglyne te gee oor die tweegesprek.

- Eerstens, gesprek behels dat ons sal praat met mekaar, vanuit ons sosiale, godsdienstige, en maatskaplike omstandighede, en dat ons sal verstaan dat ons gesprek maar net ‘n “voorlopige gesprek” is in die groter dialoog wat plaasvind.
- Tweedens, gesprek behels dat ons sal luister na mekaar. Dat ons sal luister na ander wat van ons verskil, hulle opinies, en standpunte oor geloofsake, sodat ons krities na ons eie standpunte sal gaan kyk.
- Derdens, gesprek impliseer dat hierdie praat en luister, ‘n proses is wat nie stop nie. Dit is ‘n aktiewe dinamiese proses. Ricoeur (1981: 186) praat van die “dialektiese” beweging van deelname en distansiëring wat lei na die toe-eiening van standpunte, opinies en oortuigings a.g.v. die gesprek. Daar is dus ‘n konstante “vorentoe en terugbeweging” van ons lewens in hierdie wêreld, sodat ons sal besef dat die realiteit van dinge lê daar waar ons saam in gesprek probeer om dit te onsluit (Lose 2003:60).

## 2. GESPREK EN BELYDENIS

Dit mag miskien vir party mense as ‘n verrassing kom, dat wanneer ons in ‘n gesprek met mekaar begin tree, daar in die postmoderne tydsgees ‘n groter “openheid” bestaan om te praat oor geloofsake as wat daar was in die tyd van modernisme. Ons sal verder agterkom dat postmodernisme nie die einde van waarheid wil aankondig nie, maar dryf ons om te omhels wat Fulkerson (1994:376) beskryf as ‘n “ragged kind of truth, a truth that is never complete.” Uiteindelik is wat ons prysgee nie waarheid nie, maar die manier om waarheid te bewys, en vas te lê in reëls, en godsdienstige sisteme vir mense. Dit gaan dus daaroor dat ons

nog lank nie die laaste woord oor die waarheid en geloof gesê het nie. Die toekoms van waarheid en geloof lê dus nog oop voor ons, en dit is juis hierdie openheid van die toekoms wat ons oproep om in geloof te lewe.

En omdat ons in geloof moet lewe is die beste manier wat Christene het om in gesprek met ander te tree, deur hulle geloof te bely. Lose (2003:62) beskryf dit soos volg: “It offers in my opinion the best chance for speaking into the postmodern whirlwind and in this way reaping it.”

### 3. OM JOU GELOOF TE BELY

Om ons te help verstaan wat Lose bedoel om “belydenis” te gebruik as die geskikte wyse om ons geloof te bely in hierdie gesprek met mekaar, en ook vir die prediking, verduidelik Lose ses betekenis van  $\omicron\mu\omicron\lambda\omicron\gamma\epsilon\omega$  in die Nuwe Testament.

#### 3.1. $\omicron\mu\omicron\lambda\omicron\gamma\epsilon\omega$ in die Nuwe Testament

- Die eerste betekenis van  $\omicron\mu\omicron\lambda\omicron\gamma\epsilon\omega$  en verbindings soos  $\epsilon\chi\omicron\mu\omicron\lambda\omicron\gamma\epsilon\omega$  en  $\alpha\nu\theta\omega\mu\omicron\lambda\omicron\gamma\epsilon\omega$  is in die sin van belofte, om te sweer, of om ‘n eed te maak soos in Matteus 14:7 waar Herodus sweer ( $\omega\mu\omicron\lambda\omicron\gamma\epsilon\sigma\epsilon\nu$ ) om Herodias se dogter te gee net wat sy begeer. In Handeling 7:7 verwys  $\omega\mu\omicron\lambda\omicron\gamma\epsilon\sigma\epsilon\nu$  na God se belofte wat Hy aan Abraham gemaak het.
- Tweedens verwys  $\omicron\mu\omicron\lambda\omicron\gamma\epsilon\omega$  ook na ‘n publieke openbare belydenis soos in 1 Johannes 1:9.
- ‘n Derde betekenis wat afgelei word wanneer iemand sy sonde bely of erken is  $\epsilon\chi\omicron\mu\omicron\lambda\omicron\gamma\epsilon\omega$  om prys, lof en danksegging te gee soos in Matteus 11:25.

- Vierdens as werkwoord beteken ομολογεω om te erken, te bevestig en openlik te verklaar dat iets waar is soos bv. in Handeling 24:14 waar Paulus erken dat hy die God van sy voorvaders dien.
- Die vyfde betekenis van die woord ομολογεω beskryf ‘n bindende godsdienstige belydenis met ‘n eskatologiese belofte wat daaraan toegeken word soos bv. in Matteus 10:32, waar Jesus sê “Elkeen wat hom voor die mense openlik vir My uitspreek vir hom sal Ek My ook openlik uitspreek voor my Vader wat in die hemel is.”
- Die sesde betekenis van ομολογεω verwys na die erkenning van Jesus as die Here soos in Romeine 10:9-10: “As jy met jou mond bely dat Jesus die Here is, en met jou hart glo dat God Hom uit die dood opgewek het ,sal jy gered word. Met die hart glo ons, en ons word vrygespreek, en met die mond bely ons, en ons word gered” (Lose 2003:64- 74).

Hierdie vers onderstreep ook die intieme verhouding tussen geloof (πιστις) en belydenis. Geloof lei daartoe dat ‘n mens ‘n belydenis maak, dat Jesus Here is. Dus om ‘n belydenis te kan maak, is dit afhanklik van geloof, want geloof veroorsaak dat ons bely Jesus is Here.

Vir die prediking kan ons dus die afleiding maak deur te sê: daar kan geen κερυγμα (verkondiging) wees sonder dat daar belydenis van geloof betrokke is nie.

‘n Paar opmerkings oor belydenis (confession) voordat ons Lose se bespreking van belydenis in die huidige teologie bespreek, is die volgende:

- Eerstens, wanneer ons ομολογεω gebruik in ‘n Christelike konteks dan verwys dit na ‘n opsomming van die belangrike dinge wat oor



Christus en Christenskap geglo word. Dit het belangrike leerstellige en hermeneutiese waarde vir ons vandag, want dit vertel vir ons wat Christene geglo het, en hoe hulle die wêreld waarin hulle gelewe het verstaan het wanneer hulle bely het “Jesus van Nasaret, wat gekruisig is. Hy is uit die dood opgewek” (Markus 16:6). Hieruit kan ons verder aflei dat Christene ‘n gemeenskap was van gelowiges wat hulle geloof bely het. Christene het dus hulle geloof bely in ooreenstemming wat oor Christus geglo is, en in hierdie sin is geloof nooit ‘n private aangeleentheid nie. ‘n Gelowige is deel van ‘n gemeenskap.

- Tweedens, verwys  $\alpha\mu\lambda\omicron\gamma\epsilon\omega$  in sy werkwoordvorm nie net na ‘n sekere tradisie van hoe daar geglo is nie, maar die wyse waarop Christene huidiglik hulle geloof bely het, of verwoord het.
- Derdens, hierdie daad om geloof te bely of te verwoord, staan as ‘n “antwoord” teenoor omstandighede wat dit genoodsaak het. ‘n Goeie voorbeeld hiervan is die volgende: Wanneer Paulus die belydenis maak “Jesus is Here”, dan staan dit teenoor “Vervloek is Jesus” ( 1Korinthiërs 12:3).
- Laastens is dit belangrik om daarop te let dat die Christelike gemeenskap sy ontstaan te danke het aan die belydenis van Jesus Christus as die Seun van God (Matteus 16:13-20).

Belydenis sal dus ‘n belangrike rol speel vir ons vandag in die prediking, om ons geloof in Jesus Christus teenoor die wêreld te verwoord. Daarom kyk ons volgende na Lose se bespreking van belydenis in die huidige teologie.

### 3.2. Belydenis in hedendaagse Teologie

Ons kyk hier na vyf Teoloë wat Lose bespreek!

### 3.2.1. Miroslav Volf

Miroslav Volf het 'n ekumeniese boek geskryf getiteld "*After our Likeness: The Church as the Image of the Trinity*" Volf het die boek geskryf vanuit twee oortuigings, naamlik dat die kerk nie in sy doel slaag om geloof suksesvol aan 'n nuwe generasie oor te dra nie, en tweedens is hy van mening dat hierdie tekortkoming te wyte is aan die kerk wat te individualisties en hierargies begin raak het.

Volf identifiseer in sy boek die twee primêre elemente wat hy beskou dat kerk as kerk kan bestaan. "A church is an assembly, but an assembly is not yet a church. An indispensable condition of ecclesiality is that people assemble in the name of Christ... The name of Jesus Christ unequivocally (ondubbelsinnig) identifies the person around whom those in the church are gathering" (Volf 1998:145).

Belydenis, om jou geloof te bely, vervul twee belangrike funksies in hierdie "ondubbelsinnige" identifikasie van die gemeenskap wat vergader in die naam van Jesus Christus:

- Eerstens verskaf dit die inhoud van die kerk se verstaan van wie Jesus is, en die belangrikheid van Jesus. Belydenis in hierdie sin beskryf dus wat die kerk glo en bely oor Jesus Christus.
- Tweedens lei belydenis daartoe dat gelowiges persoonlik kan identifiseer met dit wat bely word oor Jesus Christus, en dat gelowiges dit hulle eie kan maak. Sonder persoonlike identifikasie is kognitiewe identifikasie (dit wat ons met die kop bely oor Jesus Christus) nie moontlik nie (Volf 1998:146).

Volf (1998:149-150) verskaf dan drie redes waarom belydenis so belangrik is vir die kerk.

- Eerstens is belydenis belangrik, want dit kondig aan wat die kerk glo oor Jesus Christus. Hier het ons dus te make wat ons met die kop glo en bely oor Jesus Christus.
- Tweedens is belydenis belangrik, want dit verander dit wat ons met die kop bely oor Jesus Christus na die hart, en verbind die gelowige tot aktiewe deelname aan die gemeenskap van gelowiges.
- Derdens is belydenis belangrik, want dit is voor ander gelowiges (kommunikatief), dit veroorsaak 'n reaksie (uitnodigend), en bind die gelowige aan die liggaam, of gemeenskap van gelowiges (korporatief).

Samevattend kan ons sê dat Volf ons in 'n postmoderne konteks herinner aan die belangrike rol wat belydenis speel in die kerk en prediking.

### 3.2.2. B.A. Gerrish

Gerrish se boek "*Saving and Secular Faith*" bestaan uit ses hoofstukke. In sy vierde hoofstuk bespreek hy sy verstaan van, om jou geloof te bely. Vir Gerrish is die twee gevare vir die voortbestaan van die kerk, vergeetagtigheid en verval (Gerrish 1999:55-56). Kan ek hier sê, ook vir die prediking. Verval en vergeetagtigheid is twee dinge wat intiem verbind is. Verval het te make met die verloor van 'n kern, en dit is die gevolg van vergeetagtigheid, want ons weet nie meer wat is die kern van ons belydenis nie. Belydenis van geloof help die gemeenskap van gelowiges dan om ons te herinner wie en wat ons is, en deur wie ons bestaan. Soos Gerrish sê: "The Christian creeds rehearse the saving events on which the church is founded, the memory which sustains the church's identity" (Gerrish 1999:57).

### 3.2.3. Douglas John Hall “*Confessing the Faith*”

Vir Hall kom al die verskillende maniere waarop ons die Woord bely neer op wat die prediker glo wat is waar. Hall sê: “To confess something is to own, declare, reveal and disclose what in the depths of the soul one considers truly to be the case” (Hall 1996:8). Op hierdie wyse wat Hall belydenis beskryf, kom dit daarop neer dat belydenis waarheid, of ten minste iets oor die waarheid wil kommunikeer, deur dit te bely.

‘n Volgende belangrike punt wat Hall aanraak, is dat prediking volgens Hall belydenisgerig is omdat dit ons herinner aan die intieme verhouding om te bely dat die Woord God se Woord is, en om in die Woord van God te glo. Prediking as ‘n belydenis onderhou en versterk dus die geloof van gelowiges, en is daarom baie belangrik in ‘n postmoderne konteks (Hall 1996:362).

### 3.2.4. J.L. Austin

Sy werk tesame met John R. Searle is belangrik om die woord belydenis te verstaan, en hoe ‘n mens dit as ‘n kommunikasiemiddel in die prediking kan gebruik.

In Austin se boek “*How to Do Things with Words*” onderskei hy tussen “constantive (onveranderlik) en performative (uitvoerende) statements.” *Constantives* beskryf iets soos bv. dat dit buitekant reën, en so ‘n stelling kan òf waar wees dat dit reën, òf onwaar dat dit nie reën nie. (Austin1975:1-4). *Performatives*, daarenteen, is nie waar of vals nie, want dit beskryf nie iets nie, maar het die funksie dat dit ‘n aksie uitdra, soos bv. wanneer ‘n bruidegom sê: “Ek neem haar as my vrou” in die konteks van ‘n huweliksluiting. Austin gaan verder van die standpunt uit

dat alle kommunikasie op die ou einde *performative* (dit voer ‘n aksie uit) is (Austin 1975:133). Volgens Austin: “All words, that is, ultimately do something, as even describing some state of affairs or conveying some bit of information turns out to be a speech act” (Austin 1975:121).

Om hierdie rede onderskei Austin tussen drie verskillende aksies wat stellings verrig of voortbring. Austin verwys na die *locutionary* (lokutionêr), *illocutionary* (illokutionêr), en *perlocutionary* (perlokutionêr) (Austin 1975:151-164). Kom ek verduidelik wat Austin met die begrippe bedoel in die volgende sin: “Ek het hulle gewaarsku dat daar ‘n dreigende donderstorm kom.” Die lokutionêr sluit in die beskrywende woorde in die sin naamlik *dreigende storm*. Die illokutionêr verwys na dit wat die persoon wou sê, naamlik dat hy hulle *waarsku* van ‘n dreigende storm. Die perlokutionêr verwys na die *impak* wat die woorde op die hoorders gehad het, naamlik dat hulle skuiling gaan soek het teen die storm, of ‘n sambreel solank begin gereed kry het.

### 3.2.5. John R. Searle

John Searle gee in sy boek “*Expression and Meaning: Studies in the Theory of Speech Acts*” vyf vorme waarin illokutionêr (dit wat die prediker wil sê) na vore kan kom.

- *Assertives* (bewerings) verbind die prediker aan die waarheid wat bely word, en word gekenmerk deur woorde soos veronderstel, beweer.
- *Directives* is ‘n poging deur die prediker om die hoorder in beweging te bring, en word gekenmerk deur woorde soos: uitnooi, beveel, en stel voor.

- *Commissives* verbind die prediker tot 'n sekere plan van aksie wat geneem gaan word, en word gekenmerk deur woorde soos: onderneem, belowe, beplan, en verseker.
- *Expressives* verwys na die gesindheid van die prediker en word gekenmerk deur woorde soos: welkom, dankie, vra om verskoning.
- *Declarations* verwys na die ooreenkoms van die inhoud van wat gesê word en dit wat werklik gebeur, en word gekenmerk deur woorde soos aanwys, noem en bestem (Searle 1979: 12-20 ).

Die verskil tussen Austin en Searle hoe woorde in kommunikasie gebruik word, is dat Austin belydenis beskryf as 'n "commissive" waarin dit die prediker eerstens verbind tot 'n spesifieke standpunt. Tweedens dat die prediker 'n oproep maak tot die hoorder waarin hy glo, en derdens om die hoorder te begelei om 'n verbintenis te maak tot dit waaroor die prediker sterk voel, sonder om woorde te gebruik wat beveel, of om te sê: "so moet julle maak" (Austin 1975:151-164).

By Searle word belydenis in kommunikasie gebruik as 'n "assertive" waar die prediker homself verbind aan dit wat bely word, en gekenmerk word deur woorde soos: "ek glo in dit", "ek bely dit". Belydenis as 'n "assertive" bring die nuttigheid van belydenis in prediking na vore. Searle se vyf vorme van illokutionêr (dit wat die prediker wil sê) is baie nuttig vir die prediking in 'n postmoderne konteks, want dit veroorsaak, of ontlok verdere gesprek, en dit is presies wat ons wil hê. Dit kan ons bring by Paul Ricoeur se dialogiese gespreksmodel van "participation (deelname), distanciation (skeiding), en appropriation (toe-eiening)" van dit wat bely is.

Prediking speel dus 'n belangrike rol wat tot verdere gesprek kan lei, en daarom is dit belangrik om nou te fokus op die prediker se rol in die prediking om die geloof in Jesus Christus so te bely, dat dit sal lei tot verdere gesprek, en uiteindelik toe-eiening van dit wat gesê is. Daarom fokus ons nou op die werk van Lucy Atkinson Rose.

#### 4. LUCY ATKINSON ROSE (POSTMODERNE GESPREK EN DISTANSIËRING VAN DIT WAT GESÊ IS TOT DIE TOE-EIENING DAARVAN)

Min homilete het soveel aandag gegee aan die rol van die hoorder in die huidige prediking soos Lucy Atkinson Rose. In haar "*Sharing the Word: Preaching in the Roundtable Church*", bepleit Rose 'n gespreksagtige homiletiek wat beoog om gemeenskaplik, persoonlik, inklusief, en Woordgerig te wees, maar nie hierargies nie (Rose 1997:112). Rose se werk is vir ons belangrik deurdat sy drie probleemareas vir ons uitwys in die prediking, en dit is:

- dat daar 'n gaping is tussen die prediker en die gemeente,
- dat daar 'n naïewe vertrouwe is in die "neutraliteit" van taal. Dit kan natuurlik nie so wees nie, want taal vra om reaksie,
- dat daar 'n valse aanname is oor die universele kwaliteit van die waarheid en dat dit nie bevraagteken word nie (Rose 1997:89-91).

Om hierdie "beperkings" of foute te oorkom, stel Rose 'n metode van prediking voor wat sy beskryf as "conversational" (Rose 1997:4). Deur prediking so te sien probeer Rose om hierdie probleemareas in die prediking te oorkom.

#### 4.1. Gaping tussen prediker en gemeente

Wat die eerste probleemarea betref, naamlik dié van die gaping tussen prediker en gemeente, stel Rose voor dat predikers in hulle voorbereiding met ‘n teks vir Sondag, mense van die gemeente moet betrek om die gaping tussen gemeente en prediker te verklein. Rose stel ook verder voor dat die preek ‘n oop einde moet hê, sodat dit tot verdere bespreking van die boodskap deur die gemeente kan lei (Rose 1997:83).

#### 4.2. Neutraliteit van taal

Wat die tweede probleemarea betref, oor die neutraliteit van taal, stel Rose voor dat ons taal moet inspan wat daarop uit is om belydenisgeoriënteerd te wees, en dat dit ook meervoudig verstaan kan word, of geïnterpreteer kan word. Die rede daarvoor is eerstens, omdat ons nie volmaak God se openbaring deur Sy Woord aan ons interpreteer nie, en daarom kan ons ons preke ook maar net aanbied as ‘n interpretasie. Die taal van ons boodskap sal dus meer van ‘n “nederigheid” moet getuig, en as ‘n belydenis aan ons hoorders, sodat hulle in antwoord daarop die prediker se belydenis kan gaan toets (Rose 1997:108-109).

Die tweede rede waarom die belydenistaal van die boodskap meervoudig is, is omdat dit verwoord vir die gemeente hoe dit die prediker se lewe aangeraak en verander het, en daarom kan dit ook verskillende reaksies by die hoorders uitlok (Rose 1997:109). Die hoorders kan dit dus verwerp, of aanvaar. Hier het ons dus te make met die proses van distansiëring wat later lei tot toe-eiening van dit wat bely is in die boodskap van die prediker.



#### 4.3. Onkritiese aannames oor die waarheid

Wat die derde probleemarea betref, naamlik dat aannames gemaak word oor die waarheid en dat dit nie bevraagteken mag word nie, is Rose se redenasie maar net nog 'n postmoderne een, dat ons nie kan sê dat ons oor objektiewe, of finale waarheid beskik nie (Rose 1997:99). Daarom stel Rose voor dat woorde soos waarheid en openbaring nie langer verdedigbaar is as gevolg van hulle eksklusiewe geaardheid nie. Dit veroorsaak verder dat daar te veel stemme “stilgemaak” of uitgesluit sal word, en verdere gesprek sal demp (Rose 1997:104).

In die plek daarvan om enige aannames te maak oor die waarheid, stel Rose voor dat prediking eerder gesien moet word as voorlopige interpretasies wat die openheid los, en ook die uitnodiging laat, dat mense daarvan kan verskil, want Rose se hele oogmerk is om verdere gesprek te bevorder. Om Rose self aan die woord te stel: “The central goal of such preaching is to gather the community of faith around the Word where the central conversations of the church are refocused and fostered” (Rose 1997: 101).

Rose herinner ons verder daaraan dat die grondbetekenis van die woord homiletiek afgelei word van die Griekse woord vir gesprek (ομιλεω), en daarom behoort die prediking die gemeenskap van gelowiges se gesprek oor geloofsake te voed en verder uit te bou.

Wanneer Rose haar “gespreksgerigte” prediking beskryf, dan kom sy tot die slotsom dat prediking moet beide persoonlik en inklusief wees. Rose bedoel met persoonlik dat die boodskap vol moet wees van die prediker se ervarings en belewenisse wat hy gehad het met die boodskap in sy eie lewe (Rose 1997:124-127). Met inklusief verwys Rose dat preke meer

gebore moet word uit die lewenservaring van die hele geloofsgemeenskap. Hierdie twee begrippe in Rose se gespreksgerigte prediking, persoonlik en inklusief, is dus intiem aan mekaar verbonde, want die prediker deel met die geloofsgemeenskap 'n gedeelte van die waarheid (sy interpretasie), wat dan op verskillende maniere deur die geloofsgemeenskap (inklusief) geïnterpreteer word (Rose 1997:128).

Deurgaans in Rose se gespreksgerigte prediking het sy 'n opregte besorgdheid om die integriteit van die hoorder te beskerm, want dit is daar dat die kritieke ruimte kom wat nodig is vir sinvolle distansiëring, waar die hoorder 'n ontmoeting met die gepredikte woord kan hê, om dan die geloof wat bely word in die preek, te kan omhels in sy eie lewe.

#### 4.4. Kritiek op Rose se gespreksgerigte prediking

Rose se opregte besorgdheid om die hoorder die ruimte en spasie te gee, om krities te kan reageer op die boodskap (distansiëring), vind plaas op so 'n wyse dat die gemeenskaplike karakter van dit wat ons bely en glo en ons as 'n gemeenskap van gelowiges onderskei en saambind, (participation) verlore gaan. Miskien gaan Rose van die veronderstelling uit dat daar 'n gemeenskaplike identiteit is, en daarom gee sy min aandag aan die identiteit van die geloofsgemeenskap.

Dit bring egter die probleem na vore dat Rose se gespreksgerigte prediking die gevaar loop om dieselfde te wees as enige ander praatjie oor sake van belang. Haar gespreksgerigte prediking is dan nie uniek en onderskeibaar van ander praatjies oor sake soos die weer en sport nie. Die rede hiervoor lê in die feit dat die identiteit van die geloofsgemeenskap nie duidelik is nie, en soos ek aangetoon het in die werk van B.A. Gerrish, is die twee groot gevare vir die voortbestaan van

‘n gemeente vergeetagtigheid en disintegrasie van die kern (Gerrish1999:55-56).

Op die ou end word ‘n mens nooit werklik direk aangespreek in Rose se voorstel hoe daar gepreek moet word nie, en daarom kan die hoorder ook nie werklik deelneem aan dit wat bely word om dit sy eie te maak nie. Dus die kommunikasie van die Woord van God in die teks, wat van “buite”, van God se realiteit kom, verswak, word verswyg, en slegs menslike ervarings kom in die preek na vore.

As ons tot nou Lose se standpunt oor prediking in ‘n postmoderne konteks kan opsom in ‘n paar sinne, dan kom dit neer op die volgende:

- ‘n Tweegesprek tussen mense gee aan Christene die geleentheid om hul geloof te bely!
- Om geloof te bely het Lose beskryf as “assertive”(verbind die prediker aan dit wat bely word).
- Dit veroorsaak dat daar ‘n dinamiese ontmoeting met die hoorder deur die Woord plaasvind, waarin die hoorder dit wat bely en gesê word, vir homself kan bevraagteken, bevestig en uiteindelik kan aanneem (appropriate) van dit wat bely word oor die Christelike geloof.
- Om geloof te bely op hierdie wyse, of te verkondig, omhels dus Paul Ricoeur se “dialectic” (metode van redenering in die kritiese gesprek) van deelname, distansiëring en toe-eiening.
- Belydenisgerigte prediking verskaf dus ‘n nuttige wyse hoe ons die geloof in Jesus Christus kan oordra in ‘n postmoderne konteks, en prediking se taak moet daarom gesien word as belydenis: “Die belydenis van Jesus Christus as die opgestane Here” (Lose 2003:134).

Vir die belydenisgerigte prediking speel die prediker twee belangrike rolle wat nou aan mekaar verbonde is: eerstens moet daar 'n gesprek tussen die prediker en teks plaasvind, en daaruit vind tweedens 'n gesprek plaas in die prediking tussen die prediker en gemeente, en ek wil nou daarna kyk soos dit behandel word in Lose se boek.

## 5. DIE PREDIKER SE GESPREK MET DIE TEKS

### 5.1. Inleiding

Dit is belangrik om hier 'n misverstand wat moontlik kan ontstaan, op te klaar. Die gedagte kan maklik ontstaan dat die prediking die hele gewig dra om die geloofsgemeenskap te beweeg tot 'n kritiese gesprek waarin ons oor geloofsake praat. Dit is nie so nie. En dit is ook nie wat Lose bedoel met "belydenisgerigte prediking" nie. Prediking is maar net een van die pilare wat 'n rol speel in die groter gesprek wat plaasvind. Dit moet veral so gesien word om die volgende redes:

- Eerstens bewaar dit die prediker dat hy te veel van sy preek verwag om die gesprek aan die gang te kry.
- Tweedens help dit predikers om hulle preke te sien as 'n hulpmiddel om die groter gesprek aan die gang te kry.
- Derdens, wanneer ons prediking in terme van belydenis oor Jesus Christus verstaan, en om dit te gebruik as 'n hulpmiddel om die groter gesprek te begelei en te voed, help dit ons om behoorlike belydenisgerigte preke voor te berei (Lose 2003: 145-146).

5.2. Die belydenis van die teks soos die prediker daarmee in gesprek is Lose (2003:167) bespreek drie belangrike gevolge hoe Christene en predikers die Bybelse teks moet benader en dit is:

- Ons eksegetiese studie van die teks moet daarop gerig wees om te onderskei wat die teks voor ons wil bely.
- Ons moet erken dat ons na die teks kom met ons eie vooropgestelde belydenisse wat veroorsaak dat dit ons in staat kan stel aan die eenkant, of kan beperk aan die anderkant, om die verskeidenheid van belydenisse in die teks raak te sien.
- Soos met alle belydenisgerigte kommunikasie, soek die Bybelse teks 'n antwoord, en vir die prediker is dit die preek. Elkeen van hierdie punte bespreek ek in verdere besonderhede.

5.2.1. Eksegetiese studie om die belydenis(se) van die teks te ontsluit  
Om die Bybelse kanon te sien as 'n versameling van belydenisse, is 'n radikale swaai in terme van studie oor die Bybelse teks. Die meeste Bybelgeleerdes gedurende die moderne periode was daarop uit om met die historise kritiese metode die oorspronklike gebeure wat aanleiding gegee het tot die skryf van die teks te rekonstrueer (herbou) ( Reumann 1964:3-4) (Verhoef 1973:60-72).

Maar as ons die Bybel hoofsaaklik sien as 'n belydenis, dan veskuif ons fokus van hoe die teks met die prediker praat, en wat die spesifieke belydenis in die teks is. Want wanneer ons op soek is na die belydenis in die teks, dan is ons waaksaam vir die lewendige ontmoeting wat die teks met die prediker wil hê. Met dit in gedagte, is dit ook belangrik om daarop te wys dat die Bybelse teks nie “dood” is nie. Nee, dit soek bevestiging, oordeel, en goedkeuring oor die belydenis wat dit maak oor die wêreld, ons situasie, en baie belangrik, oor die Here.

Vir die prediker in sy omgang met die teks om die belydenis te ontsluit wat in die teksgedeelte is, is die volgende vrae nuttig:

- Waarvan probeer die teks my oortuig?

- Wat probeer die teks bevestig oor die mens en oor God?
- Wat is die argument, die opbou in die teks, om my van die belydenis te oortuig?
- Wat weet ek van die teks se onstaansituasie (historise agtergrond) wat my kan help om die uitsprake wat die teks maak te verstaan?
- Wat vra die teks van my om te glo, te doen, en te bely?
- Aanvaar ek wat die teks van my vra, sodat ek dit vir ander kan sê, om hulle op te roep om dit te gaan uitleef? (Lose 2003:171).

### 5.2.2. Ons erken ons kom na die teks met ons eie belydenisse

Dit is baie goed dat ons na die teks kom met ons vrae en verwagtings wat ontstaan as gevolg van ons teologie, vorige persoonlike ervarings en liturgiese belewinisse, want slegs dan kan die teks met die prediker in 'n kritiese gesprek betrokke raak. Soos Long (1989:45) sê: "The text may call (the preacher's) questions into question. The truth found there may resolve a problem, and then again it may deepen that problem."

Ons kom dus na die teks met vrae, en besorgdheid veral oor vier redes:

- Eerstens verwag die teks dat daar 'n gesprek sal plaasvind tussen prediker en teks, wat sal lei tot 'n antwoord van ek glo dit, of ek glo dit nie, of my vrae is nie beantwoord nie.
- Tweedens kan ons slegs in so 'n gesprek betrokke raak as ons die teks nie net bloot sien as 'n objek van studie nie, maar dat die teks ons nader trek om in 'n verhouding daarmee te staan.
- Derdens, solank ons ons vooropgestelde idees en vrae erken voor die teks, kan die teks dit aanspreek en verander.

- Vierdens, en dit is om sin te maak te midde van die verskeidenheid van belydenisse wat ons vind in die Bybel, is dit verrykend, maar dit kan ook nogal lekker problematies wees om dit te onderskei.

In sy boek “*The Witness of Preaching*” bevestig Long die behoefte dat die prediker na die Bybelse teks toe moet kom met duidelike en belangstellende verwagtings van wat ons verwag van die teks, en hy stel voor dat ons ons aandag fokus op twee belangrike bronne wat daardie verwagtings ontwikkel.

Dit is eerstens ons pastorale omstandighede (sluit in dinge soos dood, siekte, hartseer, vreugdes) (Long 1989:55). Tisdale (1997:81) sê in hierdie verband: “Before preachers can hear the confession of the biblical text, they need to listen to and articulate the confessions of faith, doubt, curiosity, hope and pain of their hearers.” Tisdale sê verder “preachers need to exegete their congregations as carefully as they do the biblical texts, not simply to better translate theology for their hearers, but rather so that they may become better architects of local theology, that is theology crafted for a very particular people in a particular time and place” (Tisdale 1997:12).

Die tweede bron waaruit ons ons verwagtings en belydenisse kry wat ons na die teks toe neem, is vanuit die prediker se teologiese agtergrond. Dit sluit in of die prediker charismaties, gereformeerd, katoliek ensovoorts grootgeword het. Die teologiese agtergrond van die prediker is belangrik, want dit verbind hom aan die tradisie van hoe daardie kerk se predikers die teks sou interpreteer, watter tipe belydenisse hulle in die teks sal identifiseer, en al opgemerk het (Long 1989:53-54).

Long noem twee bronne, pastoraal en teologiese agtergrond, waaruit predikers hulle verwagtings en belydenisse kry waarmee hulle na die teks kom. Lose noem nog twee, naamlik die rol wat die teks speel in die liturgie. Daarmee bedoel Lose dat die liturgie (bv. vir 'n hervormingsondag, 'n nagmaal, doop, paasfees) bepaal in 'n groot mate hoe die teks aan die woord sal kom, en watter tipe belydenisse na vore gaan kom.

Die tweede bron wat Lose noem is die prediker se vorige ervaring wat hy gehad het met die teks toe hy daarvoor gepreek het. Die teks kom verras die prediker dan weer met iets nuuts wat hy die vorige keer nie in die teks raakgesien het nie (Lose 2003:177).

Hierdie vier bronne (pastoraal, teologies, liturgies en persoonlik) waaruit ons verwagtings en belydenisse kom, help predikers om in 'n lewendige gesprek met die Bybelteks te kan tree, wat veroorsaak dat ons verwagtings deur die Bybelteks aangespreek kan word, en 'n nuwe woord (boodskap) aan ons gegee word, wat gepreek moet word. Dit bespreek ek in die volgende punt.

5.2.3. Die Bybelse teks soek 'n antwoord, en vir die prediker is dit die preek.

Die redes daarvoor is die volgende:

- Eerstens, die Bybelse teks sê nie net iets nie, maar dit doen ook iets aan hulle wat die teks lees. Jy gehoorsaam dit, pas dit toe in jou lewe, of nie.

Gerhard Forde (1990:2) onderskei tussen predikers wat die evangelie verkondig (doen) teenoor die wat net oor die evangelie praat. Forde beskryf die laasgenoemde as sekondêr (jy gee bloot verslag oor die teks),



en eersgenoemde as primêr. “As primary discourse, proclamation ideally is present-tense, first to second person unconditional promise authorized by what occurs in Jesus Christ according to the Scriptures. The only appropriate response to such primary discourse is likewise primary: confession, praise, prayer, and worship. Proclamation as primary discourse demands an answer be it positive or negative: I repent, I believe, or I don’t, I won’t” (Forde 1990:2).

Uiteindelik is dit logies om die afleiding te maak dat ons die Woord van God hoor, en ons antwoord daarop deur dit te preek.

- Tweedens is dit belangrik om te let op Paul Ricoeur se dialektiese verstaan van verstaan en verklaar. Die doel van interpretasie volgens Ricoeur is verstaan wat lei tot toe-eiening. Die toe-eiening van dit wat eers heeltemal vreemd was aan die prediker. Die teks word dus “lewendig” vir die prediker en hoorder. Dit is op hierdie wyse dat die teks iets aan ons doen (Ricoeur 1976:92).
- Derdens, toe ons na die betekenis van die woord belydenis in die Nuwe Testament gekyk het, het ons gesien dat belydenis nie net ‘n antwoord teenoor ‘n spesifieke situasie is nie, maar dat dit die Christelike identiteit na vore bring as antwoord op die verkondigde woord. Daarom is belydenis die gepaste antwoord op die Bybelse teks. Ek aanvaar dit, of nie.

Lose (2003: 187) vat dit so saam: “ The preacher then is called to confess, by the text, by the world, and by the preacher’s own sense of self; and that confession takes shape most clearly in the sermon offered

to the gathered assembly of christian believers awaiting the Word of faith.”

Daarom kyk ons nou laastens hoe ons vorm aan die belydenis kan gee wat die prediker in sy ontmoeting met die teks gehad het, om dit op so ‘n wyse aan te bied dat dit die geloof van die gemeente kan voed, bou en versterk, sodat die gesprek oor geloof kan voortgaan in die gemeente en gemeenskap.


## 6. BELYDENIS EN GEMEENTE

### 6.1. Inleiding

Die belydenis wat die prediker in sy ontmoeting met die teks gekry het, en in die preek aangebied word, moet gesien word as die voltrekking van ‘n proses wat plaasgevind het. In die lig hiervan stel Lose vier stadiums voor waardeur die belydenis beweeg vanaf die Bybelse teks na die preek, en uiteindelik na die gemeente (Lose 2003:189). Hierdie vier stadiums is die volgende:

- Eerstens nader die prediker die Bybelse teks namens die gemeente.
- Tweede fase word gekenmerk deurdat die prediker luister na die belydenis wat die spesifieke teks wil maak.
- Derde fase behels die waarneem, opmerk wat die teks bely, en wat dit mag beteken in die konteks van die Bybel, en gemeenskap van gelowiges.
- Vierde fase behels hoe om dit wat die teks bely, te sê vir die gemeente, sodat die gemeente dit sal toe-eien (aanneem) deur die ontmoeting met die Woord en die krag van die Heilige Gees.

As ons die verskillende fases grafies kan voorstel dan lyk dit so:



(Lose 2003:191).

Die belangrikste vraag is egter hier, hoe om dit wat die prediker in sy ontmoeting met die teks ontvang het, aan te bied, sodat die gemeente dit sal toe-eien vir hulle eie lewe? Soos ek al aangetoon het in die bespreking van Lose se argument oor prediking in 'n postmoderne konteks, is belydenis die beste wyse hoe om dit wat die teks bely te sê. Daarom bespreek ek nou 'n retoriek van belydenis.

## 6.2. Retoriek van belydenis

Ons sit hier met 'n spanning. God se Woord aan ons, maar ons interpreteer en verwoord (kommunikeer) dit in mensetaal. Aan die een kant het ons dus die menslike en aan die ander kant die Goddelike kant. Predikers wat baie maak van retoriek (menslike element van redenering) neem wel hulle hoorders baie ernstig op, maar laat aan die anderkant min ruimte vir die Goddelike kant, en dus val die hele gewig oor hoe goed die prediker die boodskap kan bring.

Resner (1999:58-82) wys daarop dat ons nie as mense 'n kunsmatige skeiding kan maak tussen die menslike en Goddelike, of retoriek en teologie nie. Op die ou einde moet ons aandag gee aan albei sake in die prediking, dat die een nie verwaarloos of oorbeklemtoon word nie.

Deurgaans in my bespreking van Lose se boek, het ek aangetoon dat Lose prediking verstaan as “belydenisgerig”, waarin die hoorder kan deelneem (participation), en dit verskaf beide die kritieke ruimte (distanciation) waarin die hoorder 'n ontmoeting kan hê met dit wat bely word, en aan die anderkant deur die werk van die Heilige Gees, die belydenis vir hulleself kan toe-eien (appropriate).

Daarom kyk ek nou in verdere detail, soos Lose dit bespreek in sy boek, na hierdie voorstel van 'n retoriek van belydenis, en die implikasies daarvan.

### 6.3. Die omgekeerde retoriek van die kruis en opstanding

Om Jesus Christus te bely in die prediking, veronderstel 'n spesifieke verstaan van Christus, en om die eise wat so 'n belydenis maak in terme van die retoriek te verduidelik, bespreek ek nou Andre Resner se werk getiteld: *“Preacher and Cross: Person and Message in Theology and Rhetoric.”*

Voor ek dit bespreek, verwys ek eers na 'n vorige punt oor retoriek wat ek by 'n retoriek van belydenis bespreek het, en dit is die spanning tussen die menslike element en die Goddelike kant.

Sommige geleerdes wat werk met retoriek as 'n belangrike beginsel in die kommunikasie van die preek, volg Aristoteles se opinie dat die prediker

(soos enige kommunikeerder) die belangrikste faktor is om hoorders te beïnvloed, of te oortuig. Ander weer wat meer klem lê op die Goddelike (teologiese) kant, is van opinie dat prediking niks anders is as God se Woord waarvoor Hy alleen verantwoordelik is, en dit doeltreffend maak vir die hoorder. Enige klem wat gelê word aan die kant van die prediker om die Woord doeltreffend (kragtig, lewendig) te maak is niks anders as afgodery nie (Resner 1999:134).

In antwoord op hierdie spanning in die homiletiek, verwys Resner na die apostel Paulus se verdediging van sy persoon en gesag (ethos) in die gemeente van Korinthe. Resner merk hier op dat waar klassieke retoriek ethos (gesag) verstaan word as die prediker se vermoë om die gemeente se verwagtings aan te spreek, en om daarvolgens te kan preek, Paulus weier om homself so aan te bied. Volgens Resner verskuif die ethos (gesag) by Paulus van die getrouheid (trustworthiness) van die prediker na die getrouheid van God. God wat die sondaar regverdig verklaar op grond van Jesus Christus is die *EEN* wat die getrouheid van die boodskap waarborg. Resner maak hierdie afleiding op grond daarvan dat die prediker ook maar ‘n sondaar is wat deur God in Jesus Christus regverdig verklaar is, en daarom moet die prediker ophou om die geldigheid van sy boodskap te grond in sy eie kwaliteite, of hoe hy retoriek kan aanwend om aan die boodskap meer gesag te verleen (Resner 1999:106-110).

Paulus se besluit kom dus neer as ‘n (ethos) van “self-uitwissing.” Hierdie self-uitwissing van die self (eie ek) word vir Paulus vervang met die logos (Woord) van die gekruisigde Jesus (1 Korinthiërs 2:2). Paulus se perspektief van Jesus Christus se kruis en opstanding daag alle mense uit om te begryp dat die gemeenskap se verstaan van God in die prediking, deurspek is van sonde. ‘n Kondisie wat beskryf word as

volgens die vlees (kata sarka). In die plek daarvan artikuleer Paulus ‘n gedagte van lewe (kata pneuma) volgens die Heilige Gees, moontlik gemaak deur die kruis en opstanding van Jesus Christus. Die kruis veroorsaak dus dat twee wêrelde mekaar ontmoet. Die oue van die vlees, en die nuwe van die Gees (Resner 1999:109-115).

Paulus probeer dus die homiletiese skeiding oplos, aan die een kant dié wat retoriek (menslike kant) oorbeklemtoon deur daarop te wys dat die gesag van die boodskap nie by die prediker lê nie, maar by God, en aan die ander kant dié wat retoriek onderbeklemtoon, dat die Here die prediker geregverdig het in Jesus Christus en daarom sy gesag (ethos) insluit en gebruik as ‘n instrument om die boodskap te verkondig aan die gemeente (Resner 1999:118-128).

#### 6.4. ‘n Retoriek van uitnodiging

Sonja K. Foss en Cindy L. Griffin het ‘n artikel geskryf getiteld: “*A Proposal for an Invitational Rhetoric*” waarin hulle ‘n voorstel maak vir ‘n retoriek van belydenis om die rol wat oorreding daarin speel, te beklemtoon. Foss en Griffin (1995:5) beskryf hulle retoriek van uitnodiging soos volg: “Invitational rhetoric constitutes an invitation to the audience to enter the rhetor’s world and see it as the rhetor does.” Om dit te doen moet die prediker doelbewus die opinies en oortuigings van die hoorders waardeer, en ernstig opneem, selfs al verskil dit heeltemal van die prediker. Deur die interaksie wat plaasvind tussen die prediker en hoorder kom daar ‘n wedersydse verstaan van mekaar, en baie belangrik, ‘n verhouding word opgebou tussen prediker en gemeente.

Die twee groot komponente of pilare van hierdie retoriek van Foss en Griffin is:

- Eerstens, die aanbied van insigte en perspektiewe.
- Tweedens, om 'n ruimte (atmosfeer) te skep van veiligheid, waarde en vryheid).

#### 6.4.1. Aanbied van insigte en perspektiewe

As ons na die eerste komponent kyk, naamlik die aanbied van insigte en perspektiewe deur die prediker, dan is die woord aanbied baie belangrik. Wanneer die prediker sy insigte aanbied, eerder as om dit af te dwing, of om te sê: “Julle moet dit doen”, dan veronderstel dit dat die prediker die hoorders se insigte waardeer, en selfs die geldigheid daarvan erken. Op hierdie wyse loop die prediker die gevaar, en ek bedoel dit nie in 'n negatiewe sin nie, om sy insigte net aan te bied as 'n voorlopige voorstel (Foss en Griffin 1995:7).

#### 6.4.2. Ruimte (atmosfeer) te skep van veiligheid, waarde en vryheid

Hoorders voel veilig wanneer die prediker nie die hoorders vanaf die kansel beledig, verkleineer, en hulle oortuigings afkraak nie. So skep die prediker 'n atmosfeer van waarde. So 'n atmosfeer veroorsaak ook, en laat toe, dat hoorders hulle oortuigings kan hou, maar ook om die prediker se insigte te vertrou, en selfs daaroor na te dink. Laastens skep die prediker 'n atmosfeer van vryheid wanneer die hoorders die reg, die aanspraak behou om te kan kies of hulle die insigte van die prediker aanvaar of nie. Soos Foss en Griffin sê: “Should the audience choose not to accept the vision articulated by the rhetor, the connection between the rhetor and the audience remains intact” (Foss en Griffin 1995:11-12).

6.4.3. Die belangrikheid van Foss en Griffin se retoriek van uitnodiging  
Foss en Griffin se retoriek is waardevol, veral om die volgende redes:

- Eerstens, in hulle poging om oorreding in retoriek te vermy, of dit die primêre taak van retoriek te sien, weerspieël hulle Lose se argument dat belydenis eerder ‘n antwoord is op iets, as oorredend. Belydenis ontstaan eerder as ‘n antwoord op die Woord wat verkondig word.
- Tweedens, Foss en Griffin se retoriek van uitnodiging is nou verwant aan Lose se begeerte om Jesus Christus te bely waarin gelowiges kan deelneem (participation), en hulle identiteit kan ondervind.
- Derdens, Foss en Griffin se “skepping” van ‘n atmosfeer van veiligheid, waarde, en vryheid stem ooreen met Lose se standpunt om die kritiese ruimte (distanciation) van die hoorder te behou, waarin die hoorder gekonfronteer word deur die insigte en perspektiewe van die prediker.
- Laastens, Foss en Griffin se begeerte deur hulle retoriek van uitnodiging om die hoorder uit te nooi na die wêreld, soos die prediker dit interpreteer het, weerklank Lose se standpunt dat die doel van prediking is dat hoorders die boodskap van Jesus Christus wat vir hulle aangebied word deur die prediking, sal toe-eien (appropriate).

Wanneer ons al hierdie redes in ag neem, dan moet ek sê dat Foss en Griffin definitief ‘n goeie voorstel maak vir ‘n retoriek van belydenis.

## 6.5. ‘n Retoriek van kenosis (leegmaak)

Baie kortliks gaan dit hier dat predikers ook bereid moet wees om hulleself “leeg te maak” van die eie ek, om dan ook bereid te wees dat die



belydenis wat hulle kry uit die Bybel, die gevaar loop om in vorm en inhoud baie eenvoudig voor te kom (Lose 2003:206).

Daarom wil ek dan ook nou kyk na Lose se bespreking van “hoe” ons vorm gee aan die belydenis wat ons kry uit ons gesprek met die Bybelse teks. Om hierdie rede kyk ek nou na die vorm en taal van ons prediking.

## 7. VORM AS BEWEGING

Die wonderlike punt wat Lose hier wil maak is nie om te wys waar die sentrale gedeelte van die preek ten opsigte van sy inhoud is nie, maar Lose probeer hier die “nodige” plek aanwys om Jesus Christus te bely in die preek. Wat Lose hiermee bedoel sal meer duidelik word uit die bespreking.

Die leidraad om die beweging in die preek van die belydenis van Jesus Christus te verstaan, kom daarvan om prediking te sien in die lig van die kruis van Jesus Christus. Dit lei onvermydelik tot ‘n weerstand. Soos Andre Resner uitgewys het, om lewe vanuit die gesigspunt van die kruis te sien veronderstel ‘n nuwe oriëntasie, ‘n nuwe woordeskat, ‘n nuwe houding teenoor die lewe in die algemeen, en dit bring ons in botsing met die huidige manier hoe dinge gesien word (Resner 1999:115).

Ja, soos James F. Kay sê: “The word of the cross effects the same death to the construals and patterns of the old age and the resultant awakening to those of the new as the original cross-event itself” (Kay 1994: 47).

Dit lyk dus of predikers bereid moet wees om in die lig van Jesus Christus se kruis die waarheid te moet ontbloot van wêreldse norme en gebruike, wat in konflik, of opposisie met die kruis van Jesus Christus is (Lose 2003:209).

Wanneer ons die beweging van die preek sien in terme daarvan om die waarheid te vertel oor dit wat in teenstelling, of opposisie is met die kruis van Jesus Christus, dan moet ons hier twee homilete se werk aanraak, naamlik die van Christine Smith, en Frederick Buechner.

### 7.1 Christine Smith

In haar 1992 boek getiteld: *“Preaching as Weeping, Confession, and Resistance: Radical Responses to Radical Evil”* maak sy belydenis die middelste gedeelte van drie punte preekbeweging met die doel om die boosheid in ons midde aan te spreek, en te verander (Smith 1992:3).

Volgens Smith is die doel van prediking, om die waarheid te vertel oor die realiteite en brooshede van die lewe, en dit is die hoogtepunt in haar preekbeweging om dit te bely.

### 7.2 Frederick Buechner

Vir Buechner gaan prediking ook daaroor om onverskrokke die waarheid te vertel, maar vir Buechner word dit gedoen in twee dele, wat hy beskryf as “news both bad and good” (Buechner 1977:7-8). Die slegste nuus kom eerste, en dan die goeie nuus. Die slegste nuus is dat die mens ‘n sondaar was, verlore, maar deur Christus vergewe en vrygespreek is.

Die verskil tussen Buechner se prediking en Smith se prediking waar daar in die preekbeweging na die hoogtepunt beweeg word, is dat daar in Smith se prediking geen aankondiging is van God se ingrype en komende regering nie. Smith werk dus absoluut met ‘n gerealiseerde eskatologie (Lose 2003:213). Belydenisgerigte prediking vind egter sy hoogtepunt in die aankondiging van die kruis en die opstanding van Jesus Christus. Om hierdie rede getuig belydenisgerigte prediking nie net van die konflik en oorwinning nie, maar verkondig dit, neem deel daaraan om God se

oorwinning in Jesus Christus, en komende koninkryk aan te kondig, en dit veroorsaak 'n antwoord van geloof, of ongeloof.

Belydenisgerigte prediking veronderstel dus 'n hoogtepunt in die beweging in die inhoud van die preek, van die oue na die nuwe, van die waarheid van ons verlore kondisie, na die waarheid hoe God in Jesus Christus ons daarvan kom verlos het. Die preek wil daarom nie beskryf wat die prediker geleer het van die teks nie, maar wil beskryf die dinamiese hoogtepunt van die waarheid van ons ou kondisie na die waarheid van ons nuwe kondisie in Jesus Christus (Lose 2003: 216). Om hierdie rede, omdat Lose daarop wys dat die preek ons moet begelei van die kruis na die opstanding, help dit ons verstaan wat die vorm van die preek doen, sonder dat dit vir ons besluit watter vorm om te kies vir die preek.

Daar is natuurlike 'n groot verskeidenheid preekvorme om van te kies (Pieterse 1985:172- 232), maar die prediker moet een kies wat die belydenis van die teks die beste na vore sal bring vir die gemeente. Om ons te help met die keuse van die preekvorm, kan die volgende twee vrae help:

- Eerstens, wat wil die preek bereik deur die belydenis wat dit maak?
- Tweedens, hoe vergelyk die belydenis wat die prediker maak in die preek, met die belydenis wat die teks maak ? (Lose 2003:216).

Op die ou einde moet die vorm van die preek die belydenis wat die prediker in sy “gesprek” met die teks ontvang het na vore bring, sodat dit die prediker se bedoeling , en oogmerk (illokutionêr) kan posvat in die lewens van die hoorders.

Dus, die vorm van die preek is een manier wat predikers in staat stel om die belydenis wat hulle in hulle gesprek met die teks gekry het, te formuleer, en te artikuleer aan die gemeente, sodat hulle dit kan toe-eien. Die taal van die preek is 'n ander manier, en ek kyk nou na Lose se bespreking daarvan.

## 8. DIE TAAL VAN BELYDENIS

Vir Lose (2003:221) moet taal in belydenisgerigte prediking veral twee dinge doen:

- Eerstens verskaf dit identiteit aan die hoorder.
- Tweedens verskaf dit die kritiese ruimte waarin ons daardie identiteit kan aanneem (appropriate).

Lose se hele argument hier kom neer om taal so te gebruik in die preek, dat die intensie en bedoeling van die prediker (illokutionêr) na vore kom in die taal van die preek. Daarom bespreek Lose vier maniere om dit te bereik wat hy noem: Beslissend (ultimate); Dringend (urgent); Verhoudend (relational), en laastens Kwesbaar (vulnerable) (Lose 2003:221).

### 8.1 Beslissend

Die evangelie van Jesus Christus maak 'n beslissende keuse deur die kruis en opstanding van Jesus Christus. Prediking wat skaam is om hierdie beslissende appél te maak, verloën die evangelie van Jesus Christus (Plantinga 1999: 19). Beslissende stellings kan op verskillende maniere gemaak word, maar die belangrikste is dat die prediker die hoorder daardeur moet konfronteer in die taal van die preek.

## 8.2 Dringend

Die taal van die preek is ook dringend deurdat dit 'n antwoord soek van die hoorder. Predikers soek daarom die deelname van die hoorder deur vrae te vrae soos: “Wonder iemand hier of die opstanding van Jesus Christus waar kan wees?”, “Ek wil vandag vir julle vra”, of “Ek wil vandag vir julle sê.”

Gerhard Forde het die dringendheid van taal in die preek baie mooi vergelyk met die taal van verliefdes. Wanneer 'n man bely teenoor 'n vrou: “Ek het jou lief”, dan kan daar net een tipe antwoord in reaksie daarop wees naamlik: “Ek het jou ook lief, of ek het jou nie lief nie.” Forde sê 'n mens sal nie 'n antwoord kry soos: “Dit is interessant nie”, of “Shakespeare het baie woorde vir liefde gehad nie.” Nee, mens sal of 'n dringende ja, of 'n nee, kry (Forde 1990:2-3).

## 8.3 Verhoudend

Belydenisgerigte taal is inherent verhoudend, want dit soek 'n antwoord van die hoorder. Belydenisgerigte taal wil geloof sò formuleer dat die hoorder dit gemaklik kan verstaan, en daarom gerieflik kan deelneem aan die geloof wat bely word (McClure 1995:73-95). Op hierdie wyse probeer die prediking die geloof versterk van die gemeente deur die ruimte te skep, waar die hoorders nie net glo dat dit wat die prediker sê is die waarheid nie, maar ook waar vir hulle eie lewe. 'n Praktiese manier om deur die taal in die preek 'n verhouding op te bou is deur te praat van ons, bv. “Ons het 'n moeilike jaar in die gemeente beleef.” Dadelik is daar 'n verhouding opgebou tussen prediker en hoorder.

#### 8.4 Kwesbaar

Wanneer daar van belydenisgerigte prediking gepraat word as “kwesbaar”, dan word daarmee bedoel dat die taal van die belydenis ons voor ‘n nuwe lewe stel, ‘n nuwe realiteit in Jesus Christus, maar die taal van die belydenis is kwesbaar omdat dit nie kan bewys nie. Dit impliseer nie dat ons twyfel, of dit wat ons bely waar is nie. Nee, ons wil net nie verval in die versoeking om die geldigheid van die belydenis te probeer “bewys” nie. ‘n Praktiese voorbeeld hoe die prediker die kwesbaarheid in die taal van die preek kan uitlig, is as hy vertel van ‘n persoonlike krisis wat hy gehad het met die teks, of ‘n krisis wat die gemeente daarmee gehad het (Lose 2003:228-229).

#### 9. SAMEVATTING

Die belangrikheid van die postmoderne konteks vir die Christelike geloof, is dat dit vra om ‘n verduideliking van die kern (wese) van ons geloof. Daardie verduideliking van ons geloof kan nie meer rus op objektiewe empiriese, bewysbare formules soos in modernisme nie. Die Christelike geloof kan alleen sy geloof verduidelik deur dit te “bely.”

As postmodernisme ons die ruimte gee om ons geloof te bely in die gesprek met mekaar, dan speel prediking ‘n belangrike rol hoe om dit te doen. Belydenisgerigte prediking is dus in der waarheid die manier waarop ons inpraat in die chaos van postmodernisme, en om ‘n oes te lewer binne die postmoderne warrelwind.

## HOOFSTUK DRIE

### PREEKANALISE VAN DRIE PREKE

#### 1. INLEIDING

Lose se hele argument wat ons tot dusver bespreek het, is dat preke belydenisgerig moet wees. Daarmee bedoel Lose dat preke moet uitkom om Jesus Christus te bely. In hierdie hoofstuk volg ek die preekanalise van Ciska Stark soos sy dit uiteengesit het in haar proefskrif getiteld: *Proeven van de Preek: Een praktisch-theologisch onderzoek naar de preek als Woord van God*.

In hierdie hoofstuk gee ek eers kortliks 'n verduideliking van haar preekanalise metode, en daarna analiseer ek drie preke volgens die metode.

#### 2. INTERPRETATIEWE METEDOLOGIE

Stark (2005) se preekanalise staan bekend as 'n interpretatiewe metedologie. Die homiletiese model wat sy ontwikkel het oor prediking wat as die Woord van God verstaan kan word, word ook as teoretiese agtergrond vir my analise gebruik (Stark 2005:205). Die analiseproses deurloop vyf fases (Stark 2005:215), maar ek maak egter net gebruik van vier fases vir die verhandeling.

##### 2.1. Fase Een

Dit het te make met die seleksie van die preekmateriaal en die beskrywing van die konteks waarin die preek gelewer is.

## 2.2. Fase Twee

Hier is daar bandopnames gemaak van die preke, en daar word gekyk hoe dit vergelyk met die skriftelike ingediende materiaal van die preek en die liturgie deur die prediker.

## 2.3. Fase Drie

Die getranskribeerde teks van die preek word dan ingedeel in opeenvolgende seksies. Die seksies volg die inhoudelike struktuur van die materiaal van die preek. In beginsel vorm iedere nuwe gedagte, nuwe tema, of nuwe uitwerking van 'n gedagte, 'n nuwe seksie. Die seksies word dan afsonderlik gekodeer met syfers by elke seksie. Iedere seksie word dan verder met een of meer sleutelwoorde voorsien wat die tema van die seksie kenmerk. Dit word gedoen vanuit die perspektief van die teks self. Dus nie vanuit die perspektief van die hoorder nie.

## 2.4. Fase Vier

Fase vier is die interpreterende analise van die materiaal, waar elke seksie se sleutelwoord geïnterpreteer word. Fase vier, naamlik die interpreterende fase, val verder uiteen in die volgende dele:

### 2.4.1. Die preek

Stark (2005:216) verduidelik dat dit hier gaan om die algemene karakteristieke wat die vorm van die preek aanbetref, soos die lengte, kenmerkende woorde, spreekstyl, en die struktuur van die preek.

### 2.4.2. Die hoorder

Dit gaan hier oor: hoe word die hoorder in die preek aangespreek? Is die hoorder 'n deelnemer (participant) of 'n aangesprokene? Belangrik hier is dit ook om te let op die vrae wat die prediker vra in die preek. Is die



vrae wat gevra word, maar vrae vanuit die prediker se perspektief, of is dit vrae wat werklik leef in die harte van die geloofsgemeenskap? Hoe gebruik die prediker die voornaamwoorde, ek en ons? Dit is verder belangrik om te sien of die leefwêreld van die hoorder in die preek aangespreek word, of beskryf word. Waarmee kan die hoorder identifiseer in die preek?

- Jesus self
- Apostels
- Hedendaagse sterre
- 'n Verhaal wat vertel word

'n Tweede laaste vraag met die oog op die toe-eiening van die preek is: Word die hoorders op so 'n wyse aangespreek dat hulle self die vryheid het om te besluit of hulle dit wat die prediker sê te aanvaar of nie, of word daar deur die prediker 'n oproep gedoen tot instemming, en gehoorsaamheid van die boodskap en dat die hoorder maar net 'n ontvangende party is? Die hoorder is dus net 'n objek (aangesprokene), en nie 'n subjek (participant) nie.

'n Laaste vraag is: Hoe lyk die beeld van die mens wat na vore kom uit die preek, en die Godsbeeld? Hoe word die hoorder ingesluit in die heilswerk van Christus, en wat word verwag van die hoorder na aanleiding van die preek? (Stark 2005:216).

#### 2.4.3. Die prediker

Die belangrike vraag hier is: Hoe kom die prediker na vore in die preek? Belangrik is dit hier om te let op die voorbeelde en stories wat die prediker gebruik. Die gebruik van die voornaamwoorde, ek en ons, om te sien of die prediker 'n verhouding opbou met die gemeente. Kom die

prediker se emosies en gevoelens na vore? Kom mens iets agter van die prediker se wandeling (geloof) met Jesus Christus in die preek?

#### 2.4.4. Die Heilige Gees

Hier word gevra: hoe kom die Heilige Gees na vore in die preek? (Stark 2005:218). Word die werksaamhede van die Heilige Gees verbind met die heilshandeling in Jesus Christus? Verder word die werksaamhede van die Heilige Gees verbind met vertroosting, vermaning, aansporing, en geloofsversterking?

#### 2.4.5. Toepassing

My toepassing verskil van dié van Stark, in die sin dat ek wil kyk of die preek uitkom by die belydenis van Jesus Christus. Is die preek 'n belydenispreek of nie? Word die geloofwaardigheid van die preek nog gesteun deur modernistiese argumente, of hang die hele boodskap van die preek alleen van die belydenis van Jesus Christus af?

Skryf die prediker voor aan die gemeente wat die waarheid is, of nooi die prediker hulle uit om saam met die belydenis van Jesus Christus alleen op weg te gaan?

### 3. PREEKANALISE VOLGENS STARK SE INTERPRETATIEWE METODOLOGIE HOMILETIESE MODEL

#### 3.1. Fase Een

Die drie preke wat ek gekies het vir die preekanalise is gelewer deur predikante van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die ring van Delmas. Die konteks van die drie preke is dat dit gelewer is in Nederduitse Gereformeerde gemeentes wat sterk vashou aan 'n vaste orde en liturgie in die erediens. Die konteks van die gemeentes is dat dit

wissel van baie arm mense tot mense in die middel ekonomiese klas. Verder word die gemeentes gekenmerk deur 'n onbetrokkenheid van lidmate se kant af, waar die predikante hulle moet “smeek” om betrokke te raak.

### 3.2. Fase Twee

Hier was daar ongelukkig nie bandopnames beskikbaar van die preke nie, en daarom verskaf ek die preke soos dit geskryf is, en gelewer is in die verskillende Nederduitse Gereformeerde gemeentes. Ek verwys na die verskillende preke as: Preek A, Preek B en Preek C.

### 3.3 Fase Drie

Preek A.

Tema: *Geloof sonder werke is dood* (Jakobus 2:14-26).

Die preek se seksies het ek soos volg ingedeel met 'n sleutelwoord by elkeen.

#### Seksie 1

My broer en suster - liewe jongmens, so baie mense bely teenoor jou (sleutelwoorde *mense bely teenoor jou*) dat hulle glo in die Here Jesus, en daardeur sê hulle niks anders nie as dat hulle gelowige mense is; dat hulle mense is wat tot geloof in die Here Jesus gekom het; dat hulle die Here Jesus as hulle persoonlike Verlosser en Saligmaker aangeneem het. Ek sê dat so baie mense bely dit. Ek is seker dat daar vanoggend nie een hier sit wat dit nie sal bely nie - almal sal “ja” antwoord op die vraag: Behoort jy aan die Here Jesus? En almal sal antwoord dat hulle hemel toe sal gaan op die vraag, as jy nou sou sterf, waarheen sal jy gaan?

#### Seksie 2

Tog is daar iets wat my pla rondom hierdie saak - iets wat ek nie lekker verstaan nie. As dit dan so is dat ons almal wat vanoggend hier byeen is, aan die Here behoort. As dit dan so is dat ons die Here Jesus as ons Saligmaker en Verlosser aangeneem het, waarom is daar dan aan die een kant so baie dinge teenwoordig (sleutelwoorde *waarom is daaraan die een kant so baie dinge teenwoordig?*) in ons lewens wat volgens die Bybel nie daar moet wees nie, en aan die ander kant weer so min dinge teenwoordig wat die Bybel sê daar moet wees in die lewens van mense wat die belydenis het dat hulle in hulle lewens hulle harte vir die Here gegee het? 'n Hele klomp waaroms duik ewe skielik op: Waarom is ons dan soos sout wat laf geword het: ons maak geen verskil in die lewe daar buite nie, en dit terwyl die Here Jesus in Mat. 5:13 sê dat mense wat aan Hom behoort, die sout vir die aarde en die lig vir die wêreld is? Waarom is dit so dat ons dikwels so liefdeloos teenoor mekaar optree, terwyl die Here Jesus in Joh. 13:34 sê dat soos, “ Soos Ek julle lief gehad het, moet julle mekaar ook liefhê?” Waarom word ons eredienste dan so swak bygewoon, terwyl die Bybel ons in Hebr. 10:25 beveel om nie van die samekomste van die gemeente weg te bly nie, maar mekaar juis aan te moedig om te kom? Waarom woon so min van ons wat vanoggend hier sit, ons gemeentebiduur by - daardie geleentheid waar ons juis as gemeente saam in gebed voor die Here kan vergader vir mekaar, en vir ons gemeente en vir ander wat in nood verkeer. Waarom is hierdie dinge, en daar is nog baie wat ons kan opnoem waarop die Bybel ons aandag vestig, so dikwels deel van ons gemeente se lewenswyse, en dit by mense wat bely dat hulle tot geloof in die Here Jesus gekom het?

### Seksie 3

Wanneer ‘n mens oor hierdie dinge begin nadink en jy probeer uitwerk hoe hierdie dinge in mekaar pas, dan kom jy by uitsprake uit soos dié van die Here Jesus in Mat 7:21, “Nie almal wat vir My Here, Here sê sal die koninkryk van God in gaan nie, maar net hulle wat die wil van die Vader doen.” Dan kom jy uit by ons Skrifgedeelte waar Jakobus sê dat ‘n geloof sonder daade is dood (sleutelwoorde *geloof sonder daade is dood*). Met ander woorde, ‘n geloof in die Here Jesus wat nie sigbaar word in daade wat op Hom gerig is nie, is dood. Soos ‘n liggaam wat nie asemhaal nie, dood is, is geloof sonder werke dood. Geloof is nie iets waaroor net gepraat kan word nie. Natuurlik moet ‘n mens oor jou geloof kan praat, maar daar kan dit nie ophou nie. Geloof moet oorgaan in werke, en tot uiting kom in jou lewe en in jou daade. Dit is wat Jakobus sê. Deur die eeue was dit nog altyd ‘n probleem. Daar was en is nog altyd mense wie se lewenswandel en belydenis nie in ooreenstemming met mekaar is nie, en dit is wat Jakobus hier aanspreek.

### Seksie 4

Jakobus wys daarop dat geloof veral tot uiting moet kom in ons verhouding tot ander mense (sleutelwoorde *verhouding tot ander mense*). Wat help dit as jy sien dat ander swaarkry, en jy doen niks daaraan nie? Wat help dit, vra hy, as jy sien dat iemand nie klere het nie, en dag vir dag honger ly en jy sê maar net vir hulle: “Mag dit met julle goed gaan”- vers 16. Dit help mos niks nie. Die mense sal nogsteeds sonder kos en klere wees. Die pragtige en miskien goed bedoelde woorde baat niks nie. Al wat sal help is daade. Gee vir hulle kos en klere. Help hulle om op hulle voete te kom. Doen iets aan die situasie waarin hulle verkeer. Reik ‘n helpende hand. Doen iets, al is dit nie permanent voldoende nie. Wys deur praktiese daade dat jy omgee. Omgee, nie omdat jy net jammer is vir

hulle nie, maar hulle liefhet, en omdat hulle ook kinders van God is. Het Johannes nie ook gesê dat dit niks help as ons sê dat ons God liefhet, as die liefde vir God nie ook tot uiting kom in liefde vir ander nie? Daar is so baie in nood rondom ons vandag en die vraag is: Wat doen ons? Doen ons iets konkreet of spreek ons die situasie aan met mooi en vroom woorde? In die tyd waarin ons lewe word hierdie al hoe meer die toets vir die egtheid van ons geloof.

#### Seksie 5

Was dit nie juis die probleem wat die Here Jesus met die Fariseërs gehad het nie? Hy het skerp teen hulle opgetree omdat hulle nie gedoen het wat hulle geglo en bely het nie. Die Here Jesus het nie so baie probleme met hulle leer gehad nie. Hy was nie so sterk teen hulle teologie gekant nie. Hulle dogmas en belydenisse het nie vir Hom besondere probleme geskep nie. Wat wel vir Hom 'n besondere probleem was, was dat hulle nie tot werke, wat rym met hulle woorde gekom het nie (sleutelwoorde *werke wat nie rym met woorde nie*). Hulle het nie gedoen wat hulle bely het nie. Tussen hulle belydenisse en hulle lewens was daar 'n radikale kloof. Daarom staan hulle so skerp onder die oordeel van God.

#### Seksie 6

Nou is dit so dat ons nie wil assosieer met die Fariseërs nie. Tog is die vraag: hoe lyk dit vanoggend by ons? Doen ons wat ons bely en beloof het om te doen? Is ons lewens en ons belydenisse in ooreenstemming met mekaar? Kan die mense met wie ons buite daardie deure te doene kry, ons geloof in ons daade sien? (sleutelwoorde *geloof in ons daade sien*). Hier gaan dit nie in die eerste plek om "Kerkdade" nie; nie om die aantal kere dat ons in die kerk en in die bidure gesien word nie, maar hier gaan dit om wat ons aan ander doen, of nie doen nie, in die gewone verloop

van die daaglikse lewe. Dit is daar waar ons geloof tot sy toets kom. Wat doen ons teenoor mense in nood: fisiese nood, liggaamlik nood, en geestelike nood?

#### Seksie 7

Nou moet ons ook nie net dink aan mense in fisiese nood nie, maar ook aan die tussen ons (sleutelwoorde *mense tussen ons*) wat deur krissise gaan; wat alleen en eensaam is; wie se kragte afneem; mense wat die slagoffer is van skinderstories; wat diep ongelukkig is? Wat doen ons met hulle? Wat help dit om kennis te neem, en mooi woorde te uiter, maar niks te doen nie? vra Jakobus vanoggend vir ons. Die Woord sê dit help net mooi niks nie. Intendeel ,dit vererger net die posisie van die noodlydenes.

#### Seksie 8

Jakobus gaan dan verder en wys op die geloofswerke van Abraham en Ragab. Hy sê dat beide van hulle gered is op grond van wat hulle gedoen het (sleutelwoorde *gered op grond van wat hulle gedoen het*). Nou sal ons dadelik sê dat die Nuwe Testament mos baie duidelik is dat 'n mens nie op grond van werke gered word nie, maar slegs op grond van geloof. Dis waar. Tog is geloof sonder werke dood. Abraham is gered omdat hy gewys het dat sy geloofsbelydenis nie 'n spel met woorde is nie. So ook Ragab. Ragab se daede wat haar geloofsbelydenis onderstreep het, het haar gered.

#### Seksie 9

Is dit nie juis wat die Here Jesus ook so dikwels beklemtoon het toe Hy in Mat. 12:33, gesê het dat 'n boom aan sy vrugte geken word nie? Het Hy nie juis gesê dat 'n goeie boom nie slegte vrugte kan dra nie en

omgekeerd - Mat. 7:18? Het Hy nie sterk beklemtoon dat bome wat nie vrugte dra nie, uitgekap moet word nie - Mat. 7:19? Ja, Hy het selfs ‘n vyeboom vervloek omdat die boom nie vrugte gedra het nie - Markus 11:14. Wie nie tot aksie oor gaan nie (sleutelwoorde *wie nie tot aksie oorgaan nie*), wie se lewe nie deur werke toon dat hy glo nie, word deur Hom veroordeel en verwerp.

#### Seksie 10

Dit help net mooi niks dat ons vanoggend in die kerk is; dat ons saam met die kerk deur die eeue ons geloof bely; dat ons sing, en bid as ons geloof hier ophou nie. As ons geloof nie oorgaan tot daede nie (sleutelwoorde *geloof wat nie oorgaan tot daede nie*), is dit niks anders as ‘n spel met woorde nie. As ons geloof nie sigbaar word in ons lewens nie, is dit ‘n valslike, en verwerplike godsdiens. Geloof sonder werke, sê Jakobus, is dood.

#### Seksie 11

Wat moet ons vanoggend aan die hand van Jakobus 2:14-26 gaan doen? Miskien is dit nodig om onself te gaan toets aan wat Jakobus hier skrywe, naamlik dat ‘n geloof sonder werke dood is! Miskien moet ons gaan ondersoek instel na watter tipe geloof ons is. Is ons die draers van: ‘n lewende of ‘n dooie geloof? (sleutelwoorde *lewende of dooie geloof?*). Miskien moet ek en jy gaan ondersoek instel of ons nie maar op ons heel vroomste net “Here, Here” sê nie, en nie doen wat die Vader van ons vra nie. As dit waar is, naamlik dat ons met al ons godsdiens, maar nog net “Here, Here” sê, dan sê die Here Jesus vir ons vanoggend in Mat. 7:21 dat ons nie die koninkryk van God sal ingaan nie. Kom ons gryp hierdie tydigse waarskuwing vanoggend, uit die mond van die Here Jesus self,



met albei hande aan, en ons begin om van hierdie oomblik draers van 'n lewende geloof te wees.

Preek B.

Tema: *Die Sin van die lewe* (Prediker 1:1-18; 2:1-25).

Die preek se seksies het ek soos volg ingedeel met 'n sleutelwoord by elkeen.

Seksie 1

Waarvoor leef mens tog? Wat maak mens regtig gelukkig? Is die lewe nog die moeite werd? Is daar werklik 'n toekoms? Hierdie stortvloed van vrae kenmerk veral die depressiewe tyd waarin ons lewe (sleutelwoord *depressiewe tyd*). Die geskiedenis bewys blykbaar dat die mensekind, al bereik hy watter hoogtes, nog steeds hierdie soort vrae vra. Filosofe op filosofe het dan antwoorde hierop gewaag, naamlik genot; geld en mag; voorspoed ensovoorts. En tog bly die mens steeds soekend.

Seksie 2

Kom ons ontmoet iemand wat ook hiermee geworstel het: die Prediker van ouds. Wat dink u van hom so by die eerste aanhoor? 'n Regte pessimis nie waar nie? Erg beswaard oor alles, nes ons gemis van Dallas. Sy tema is: alles bly dieselfde (sleutelwoorde *alles bly dieselfde*); niks verander eintlik nie; ja daar is niks nuut onder die son nie.

Seksie 3

En tog, ons is met 'n Bybelboek besig. Met "God het so gesê deur die mense van die ou tyd." Die Heilige Gees het hulle gedrywe om oor God te praat (vgl. 1Petrus 1:21). Die Prediker was ook 'n Godsmen en kom uiteindelik by God uit. Daar moet tog dan 'n diepere boodskap wees

(sleutelwoord *diepere boodskap*). Dink weer: is hy ‘n pessimis, of is hy nie maar net eerlik nie? ‘n Regte realis miskien? ‘n Mens wat dinge by die naam noem. Voel ek en jy wat sê dat ons gelowiges is, nie ook maar dikwels dieselfde nie?

#### Seksie 4

Die Prediker was ‘n wysheidsleraar, wat altyd soekend was na die waarheid. Hy was dus ‘n wetenskaplike van sy tyd (sleutelwoorde *wetenskaplike van sy tyd*) gewees. Hy het ondersoek, vergelyk, opgeweeg, en boonop gevolgtrekkinge gemaak. In hoofstuk een en twee vertel hy van homself: “Ek het na die sin van die lewe gaan soek”, en hy het veral drie eksperimente gaan doen. Kom ons kyk na die ontdekkings wat hy gemaak het.

#### Seksie 5

Prediker was ‘n ware navorser-student. Alles het hy ondersoek, en behoorlik deurgedink. Hy was die slimste man met ervaring en insig, soos nog niemand voor hom nie. En tog wat ontdek hy? (lees verse 14 en 17 van hoofstuk 1). Prediker ontdek, wie wysheid en kennis najaag (sleutelwoorde *wie wysheid en kennis najaag*), jaag tog ook maar net wind na! As God die mens sou oopvlek, is al ons wysheid en kennis tog maar net dwaasheid (vgl. 1 Korinthiërs 1:25). Waarmee probeer u en ek sin aan die lewe gee? Is dit nie dikwels langs dieselfde weg om wysheid en kennis te versamel nie?

#### Seksie 6

Toe die ontdekking nie gewerk het nie, toe gryp hy na ‘n ander ontdekking. Gee jou oor aan plesier! Laat ons eet en drink en vrolik wees, want more sterf ons tog. U moenie sê: “dit is vreemd nie.” Dit is

dalk ek en jy wat hier geteken word, veral in die welvaartstyd van vandag. En wie eers hieraan verslaaf geraak het, vra nie eers meer na God nie! Onstellend kom Prediker se gevolgtrekking in hoofstuk 2:11. Sy kreet word: niks stel tog regtig tevrede nie! Genot en plesier is ook 'n gejaag na wind (Sleutelwoorde *genot en plesier*). Lekker is mos maar net lekker totdat lekker ook nie meer lekker is nie. Die geldgod en die seksgod bluf jou elke keer, want jy bly leeg.

#### Seksie 7

Toe die ontdekking nie gewerk het nie, maak Prediker nog 'n ontdekking om te groei in jou selfsiening (2:12-17) (Sleutelwoorde *groei in jou selfsiening*). Dit is tog veel voortrefliker as jy weet wie jy is, en nie soos 'n dwaas sonder selfwaarde lewe nie. Ja, 'n mens met 'n goeie dink van homself, wat uitstyg bo andere, moet tog waarlik gelukkig wees. En tog wat help dit alles, want die wyse, belangrike mens, sterf net soos die dwaas, en sal net so vergeet word as die graf eendag toeklap (vgl. Vers 14 en 16).

#### Seksie 8

Wat sal dan nog help? Dan maak Prediker die groot ontdekking (2:24-25). Die lewe maak eers sin as jy alles as gawes uit God se Hand begin sien (Sleutelwoorde *gawes uit God se Hand*). Die tydelike word dan reeds 'n stukkie ewigheid as jy die Here God toelaat binne jou geswoeg en binne jou gesukkel, sodat jy in algehele afhanklikheid van Hom sal lewe.

#### Seksie 9

En wanneer is God met jou lewe tevrede? Wanneer jy Jesus as Verlosser ken (Hy is die Weg, die Waarheid en die Lewe). In Jesus alleen kry my

hele lewe nuwe betekenis (Sleutelwoorde *in Jesus kry my lewe nuwe betekenis*). Het jy dit al ontdek en aanvaar? Kom ons breek in Jesus-Naam met ons oppervlakkige, leë, sinnelose, doellose lewe. Of is jou lewe wel 'n doelgerigte lewe, maar net vol van jou eie pogings, ideale, sonder Jesus Christus ?

#### Seksie 10

Bid tot God om eers met jouself te breek (Sleutelwoorde *breek met jouself*), en Jesus in te nooi, sodat God met jou lewe tevrede kan wees. Dan maak die lewe sin. Dan ontdek jy dat die lewe 'n gawe uit God se hand is.

#### Preek C.

Tema: *Om waarlik kerk van Jesus Christus te wees in Selcourt*  
(Handelinge 20:17-37).

Die preek se seksies het ek soos volg ingedeel met 'n sleutelwoord by elkeen.

#### Seksie 1

Paulus praat met die leiers (ouderlinge) (Sleutelwoorde *Paulus praat met die leiers*) in die Efese gemeente. Paulus wou eers nie daar aangaan nie, omdat hy haastig was op pad Jerusalem toe om vir Pinkster in Jerusalem te wees. Milete was 30 myl suid van Efese, waar Paulus vir sy skip gewag het, en die ouderlinge geroep het van Efese om na hom te kom.

#### Seksie 2

Paulus gebruik dan sy eie lewe as voorbeeld (Sleutelwoorde *Paulus gebruik sy lewe as voorbeeld*) hoe hy die Here in alle nederigheid gedien het (vers 19) te midde van al die komplote wat hy moes verduur het van

die Jode. U kan daarvan lees in Handeling 19. Paulus vertel verder hoe hy die Jode sowel as die Grieke ernstig vermaan het om hulle tot God te bekeer en in ons Here Jesus te glo (vers 21). En nou gaan Paulus Jerusalem toe.

### Seksie 3

Wat wou Paulus in Jerusalem gaan doen? Paulus wil die dankoffers wat die gemeentes in Asië ingesamel het na Jerusalem neem (vgl. Handeling 24:17). Daarom vermaan Paulus die ouderlinge van Efese in vers 28 om hulleself op te pas (Sleutelwoorde *Paulus vermaan die ouderlinge om hulleself op te pas*), en die hele kudde wat die Heilige Gees onder julle sorg geplaas het. 'n Geestelike leier moet eers na homself omsien, en kyk dat hy geestelik groei voordat hy die kudde kan versorg, want wrede wolwe sal na my (Paulus) se vertrek onder julle indring (vers 29). Daarom wees waaksaam, en onthou wat ek (Paulus) julle geleer het.

### Seksie 4

Hoe moet ons dan wees om waarlik kerk van Jesus Christus te wees? Die kerk moet 'n gemeenskap van mense wees wat na mekaar omsien (Sleutelwoorde *Die kerk moet na mekaar omsien*), en vir mekaar sorg. Geestelik en materieel. 'n Voorbeeld daarvan kry ons in Handeling 4:32-37.

### Seksie 5

Een van die kenmerke van die kerk is barmhartigheid (Sleutelwoorde '*n Kenmerk van die kerk is barmhartigheid*). Ander name wat ons daarvoor kan gebruik is: om vir mekaar om te gee; om mekaar met die liefde van Christus te bedien; om dit wat ek het met ander te deel; om goed te wees vir ander Christene wat saam met my aanbid; om dié te help wat

swaarkry en nood het; om 'n medemens vir iemand te wees; om Christus se hande en voete te wees.

#### Seksie 6

Waar moet ons dit eerstens doen? Die kudde. Dit gaan hier in die eerste plek om die versorging van die kudde (Sleutelwoorde *versorging van die kudde*) as die mense wat die Here vir homself verkry het deur die bloed van sy Seun (vrygekooptes). Omgee (barmhartigheid) van die kerk is 'n teken daarvan dat die Heilige Gees in die gemeente teenwoordig is soos gebeur het in Handeling 4:32-37 toe gelowiges hulle goed verkoop het om mekaar te help.

#### Seksie 7

*Charity begins at home* (Sleutelwoorde *Charity begins at home*), en hier in die gemeente is die plek waar jy as geroepene van Christus jou barmhartigheid moet kom uitleef. Dit help nie ons is goed vir almal daar buite, maar hier binne in die huis van die Here sorg ons nie vir mekaar nie. Wanneer ons sorg vir mekaar, wys ons ook iets van God se sorg vir ons, sodat die wêreld na ons kan kyk en glo.

#### Seksie 8

Hoe moet ons die gemeente versorg? (Sleutelwoorde *hoe moet ons die gemeente versorg?*). Ons moet die gemeente versorg soos wagters (opsieners, caretakers). Kom ons wees prakties. Is omgeegroepe nie dalk die antwoord nie?, want die liefde van God kry hande en 'n lyf wanneer gelowiges begin om die evangelie onder mekaar uit te leef, en in liefde sorg te dra vir mekaar.

## Seksie 9

Hoe dink u as gemeente presteer ons op die gebied om vir mekaar om te gee, en mekaar te versorg? Pas jy jouself op? Maar pas jy ook die kudde van die Here op? Onderlinge versorging van die gelowiges is 'n opdrag (Sleutelwoorde *onderlinge versorging van die gelowiges is 'n opdrag*) uit die Woord, en ons moet dit doen soos wat die Here wil, en met die regte motief. Omdat God my eerste liefgehad het en vir my sorg, daarom moet ek ook sorg vir ander kinders van die Here.

### 3.4. Fase Vier. Die interpreterende analise van die preke

Temas van die seksies in Preek A

Seksie 1: Mense bely teenoor jou. Mense wat bely dat hulle in die Here Jesus glo, as jy hulle vra in wie hulle glo?, en daardeur sê hulle dat hulle gelowige mense is wat in Jesus Christus glo.

Seksie 2: Waarom is daar aan die een kant so baie dinge teenwoordig? Waarom is daar aan die een kant so baie dinge teenwoordig in ons lewens wat volgens die Bybel nie daar moet wees nie, en waarom aan die ander kant weer so min dinge teenwoordig in die lewens van mense wat bely dat hulle hul harte vir die Here gegee het ?

Seksie 3: Geloof sonder daade is dood. 'n Geloof in Jesus Christus wat nie sigbaar word in daade nie, is dood.

Seksie 4: Verhouding tot ander mense. Ons geloof moet tot uiting kom in ons daade teenoor ons naaste.

Seksie 5: Werke wat nie rym met woorde nie. Fariseërs se daade wat nie gerym het met hulle woorde nie. Hulle het nie gedoen wat hulle bely het nie. Tussen hulle belydenisse en hulle lewens was daar 'n radikale kloof.

Seksie 6: Geloof in ons daade sien. Kan die mense ons geloof in Christus in ons daade sien? Doen ons wat ons bely en beloop het om te doen?

Seksie 7: Mense tussen ons. Ons moet hulle ook versorg, anders beteken ons woorde net mooi niks nie.

Seksie 8: Gered op grond van wat hulle gedoen het. Dit gaan hier oor die voorbeeld van Abraham en Ragab wat hulle gedoen het om hul geloof te bevestig deur hulle dade. Abraham is gered omdat hy gewys het dat sy geloofsbelydenis nie 'n spel met woorde is nie. So ook Ragab.

Seksie 9: Wie nie tot aksie oorgaan nie. Ons lewe moet tot aksie oorgaan. Ons lewe moet toon wat ons glo.

Seksie 10: Geloof wat nie oorgaan tot dade nie. As ons geloof nie oorgaan tot dade nie, is dit 'n valse godsdiens, en niks anders as 'n spel met woorde nie.

Seksie 11: Lewende of dooie geloof? Ons moet vra: watter tipe geloof is ons draers van? Ons geloof moet 'n lewende geloof wees.

#### Temas van seksies in Preek B

Seksie 1: Depressiewe tyd. Die tyd waarin ons lewe word gekenmerk dat dit 'n depressiewe tyd is.

Seksie 2: Alles bly dieselfde. Die tema van Prediker, dat daar niks nuut onder die son is nie. Niks verander eintlik nie.

Seksie 3: Diepere boodskap. Wat wil Prediker eintlik sê onder leiding van die Heilige Gees? Is hy 'n pessimis? Of is hy net eerlik?

Seksie 4: Wetenskaplike van sy tyd. Prediker het gaan ondersoek, vergelyk, en gevolgtrekkings maak, na die sin van die lewe.

Seksie 5: Wie wysheid en kennis najaag. Prediker ontdek eerstens wie wysheid en kennis najaag, jaag tog ook maar net wind na. As God die mens sou oopvlek, is al ons wysheid en kennis ook maar net dwaasheid.

Seksie 6: Genot en plesier: Prediker ontdek tweedens dat 'n gejaag na genot en plesier ook maar net 'n gejaag na wind is.



Seksie 7: Groei in jou selfsiening. Prediker se derde ontdekking dat 'n mens met 'n goeie dink van homself waarlik gelukkig moet wees, kom ook tot niks, deurdat Prediker ontdek dat die belangrike mens sterf net soos 'n dwaas, en sal net so vergeet word as die graf eendag toeklap.

Seksie 8: Gawes uit God se hand. Prediker se groot ontdekking, is dat die lewe eers sin maak as jy alles as gawes uit God se hand begin sien.

Seksie 9: In Jesus kry my lewe nuwe betekenis. Wanneer is God tevrede met jou lewe? Wanneer ons in Jesus se naam breek met ons oppervlakkige, leë en doellose lewe.

Seksie 10: Breek met jouself. 'n Mens moet eers met jouself breek, en Jesus aanvaar. Eers dan maak die lewe sin.

#### Temas van seksies in Preek C

Seksie 1: Paulus praat met die leiers. Paulus praat hier met die leiers (ouderlinge) in die gemeente van Efese.

Seksie 2: Paulus gebruik sy eie lewe as voorbeeld. Paulus gebruik sy lewe as voorbeeld hoe hy die Here gedien het in nederigheid, ten spyte van al die komplote wat hy moes verduur het van die Jode.

Seksie 3: Paulus vermaan die ouderlinge om hulleself op te pas. Paulus vermaan die ouderlinge om hulleself op te pas, want 'n geestelike leier moet eers na homself kyk voordat hy die kudde kan versorg, en sorg dat hulle geestelik groei.

Seksie 4: Die kerk moet na mekaar omsien. Die kerk moet 'n gemeenskap van mense wees wat na mekaar omsien, en vir mekaar sorg. Geestelik en materieel. Dan is ons waarlik kerk van Jesus Christus.

Seksie 5: 'n Kenmerk van die kerk is barmhartigheid. Een van die kenmerke van die kerk is barmhartigheid. Daar is ook ander name wat ons daarvoor kan gebruik soos: om vir mekaar om te gee; om mekaar

met die liefde van Christus te bedien; om Christus se hande en voete te wees.

Seksie 6: Versorging van die kudde. Die eerste plek waar barmhartigheid moet plaasvind is in die kerk.

Seksie 7: *Charity begins at home*. Hier in die gemeente is die plek waar jy as geroepene van Christus jou barmhartigheid moet kom uitleef.

Seksie 8: Hoe moet ons die gemeente versorg? Ons moet die gemeente versorg soos wagters (opsieners, caretakers). Is omgeegroepe nie dalk die antwoord nie?, want die liefde van God kry hande en 'n lyf wanneer gelowiges begin om die evangelie onder mekaar uit te leef in kleingroepe.

Seksie 9: Onderlinge versorging van die gelowiges is 'n opdrag. Die onderlinge versorging van die gelowiges is 'n opdrag uit die Woord, en ons moet dit doen soos die Here wil.

#### 3.4.1. Die preek (algemene karakteristieke, vorm, lengte, ensovoorts)

##### Preek A

Preek A is 'n teks-tematiese preek waarin verskeie Bybelgedeeltes in verweef is om die boodskap tuis te bring. Die lengte van die preek is by mondelinge voordrag 35 minute lank, wat vir my effens te lank is.

Die spreekstyl is dialogies en vermanend, met geen humor in die hele preek nie. Kenmerkende woorde in die preek is dat die prediker 13 keer die woorde Here Jesus gebruik. Die struktuur van die preek lyk soos volg:

Die belydenis van Christene dat hulle aan Jesus Christus behoort, word verbind met daade wat dit bevestig. Hierdie daade moet veral tot uiting kom in ons verhouding tot ander mense, maar ook met mense tussen ons. Mense moet die geloof in Jesus Christus in ons daade kan sien, en daarom moet ons draers van 'n lewende geloof wees.

## Preek B

Preek B is 'n teks-tematiese preek, en volg die ou deduktiewe preekstyl waar daar van 'n algemene stelling of waarheid na die besondere beweeg word. Die lengte van die preek is by mondelinge voordrag 20 minute lank, wat 'n goeie lengte vir 'n preek is. Die spreekstyl van die preek is argumentief, om die hoorder oor te haal, sodat hy die sin van die lewe sal omhels in Jesus Christus. Ek het in die hele preek nie enige kenmerkende woorde teëgekomp nie. Die struktuur van die preek lyk soos volg:

'n Algemene stelling word gemaak dat ons in 'n depressiewe tyd lewe. Hierdie stelling word verbind met Prediker se eie soeke na die sin van die lewe. Na verskeie dinge wat hy ontdek het in sy soeke na die sin van die lewe, ontdek Prediker wat sin gee. Die lewe maak eers sin as jy alles as gawes uit God se hand begin sien. Jesus Christus is God se gawe aan ons. In Jesus kry my lewe nuwe betekenis. Daarom word die boodskap afgesluit dat ons moet breek met onself, om Jesus in te nooi in ons lewe, dan maak die lewe sin.

## Preek C

Preek C is 'n teks-tematiese preek. Die lengte van die preek is by mondelinge voordrag 13 minute lank, wat 'n goeie lengte vir 'n preek is. Die spreekstyl van die preek is argumentief, om die gemeente oor te haal om waarlik kerk van Jesus Christus te wees. Kenmerkende woorde in die preek, is dat die prediker 6 keer in die kort boodskap, die woordjie "moet" gebruik. Die struktuur van die preek lyk soos volg:

Die prediker gebruik die voorbeeld van Paulus se lewe hoe hy gewerk het in die kerk, en dat hulle (die geestelike leiers) na hulleself moet kyk om die kudde wat die Heilige Gees aan hulle toevertrou het, op te pas en te versorg. Die manier hoe ons die kudde moet versorg is deur vir mekaar

om te gee (barmhartigheid). Hierdie opdrag word verbind aan die feit dat God ons eerste liefgehad het, daarom moet ons ook omgee en sorg vir mekaar.

### 3.4.2. Die hoorder

#### Preek A

Die hoorder is in hierdie preek veral 'n deelnemer, maar ook aangesprokene. Indikasie dat die hoorder 'n deelnemer is, is dat die woordjie *ons* 53 keer gebruik word. Die prediker verwys net 5 keer na homself, en dan ook net in seksie 1, 2 en 11. Die vrae wat deur die prediker gevra word in die preek, is almal vrae vanuit die prediker se perspektief (seksie 2), en ek glo nie dit is vrae wat leef in die harte van die geloofsgemeenskap nie.

Die leefwêreld van die hoorder kom mooi na vore in die preek, en veral in die volgende seksies, naamlik 2, 4, 7 en 10. In die preek word die leefwêreld van die hoorder aangespreek, en die oproep word dan ook gemaak tot die hoorder om tot aksie oor te gaan (seksie 9). Die hoorder kan identifiseer met twee geloofshelde wat genoem word as voorbeelde in die teksgedeelte, naamlik Abraham en Ragab in seksie 8. Verder kan die hoorder ook identifiseer met die Fariseërs wat se werke nie gerym het met hulle woorde nie (seksie 5). Daar is dus genoeg voorbeelde in die preek waarmee die hoorder kan identifiseer.

Die hoorder word in hierdie preek voor 'n keuse gestel om ondersoek te gaan instel na watter tipe geloof hulle is - draers van: lewende of dooie geloof? Daar is ook 'n dringende oproep tot gehoorsaamheid, dat die hoorder 'n lewende geloof moet openbaar (seksie 11). Dit sou egter beter gewees het as die preek kon afsluit, daar waar die hoorder gekonfronteer

word met die vryheid om te kan kies: lewende of dooie geloof? Dit sou die hoorder as deelnemer aan die preek beklemtoon het. Maar die preek word egter afgesluit dat die hoorder “voorgesê” word wat om te besluit, en daarom kry die hoorder nie geleentheid om die boodskap vir homself toe-te-eien nie.

Laastens, die Godsbeeld wat na vore kom in die preek, is dat Jesus Christus ons aangeneem het (seksie 1), en as Sy kinders verwag Hy dat ons sal lewe as kinders wat verlos is. Dat ons dade ons geloof in Jesus Christus sal bevestig. Dit is op hierdie wyse dat die hoorder ingesluit word in die heilswerk van Christus.

#### Preek B

Die hoorder is in hierdie preek veral ‘n aangesprokene. Indikasie dat die hoorder in hierdie preek veral ‘n aangesprokene is, is dat die persoonlike voornaamwoord jy en jou deur die prediker 19 keer gebruik word. Die prediker verwys net 3 keer na homself in die hele preek (in seksies 3, 5 en 6).

Die vrae wat deur die prediker gevra word in seksie 1, is vrae wat werklik leef in die harte van die hoorders, en ook daaglik deur hulle gevra word. Dié Nederduitse Gereformeerde gemeente is dan ook bekend as die gemeente in die armste gedeelte van Springs.

Die hoorder kan wel identifiseer met die Prediker se soeke na die sin van die lewe, wat belangrike deelname (participation) aan die boodskap meebring en ook die kritieke ruimte verskaf van distansiëring. Die hoorder word in die preek voor ‘n keuse gestel (seksie 9), dat ons lewe in Jesus nuwe betekenis kry, maar dan word die keuse vir die hoorder

gemaak in seksie 10, om te breek met jouself, sodat jy Jesus kan innooi in jou lewe. Die hoorder word dus voorgesê wat om te besluit, en kry nie die kans om self te besluit om die sin van die lewe toe- te- eien vir hulleself nie.

Laastens, die beeld van die mens wat voorkom in die preek, is dat alles maar dieselfde is, maar in die Godsbeeld wat voorgehou word, is dat ons in Jesus Christus nuwe betekenis aan 'n doellose lewe kan gee. Van die hoorder word dus verwag om te breek met sy doellose bestaan.

### Preek C

Die hoorder is in hierdie preek veral 'n aangesprokene. Die hoorder sal moeilik kan deelneem aan die preek, want die leefwêreld van die hoorder word nooit geskets in die hele preek nie. Die situasie van hulle eie gemeente word ook nooit verduidelik nie, sodat dit moeilik vir die hoorder sal wees om deel te neem (participation) aan die preek. Daar is ook niks vir die hoorder in die preek om mee te identifiseer nie. Omdat daar nie sprake is van deelname nie, is daar ook nie sprake van die kritiese ruimte (distanciation) om die preek toe-te-eien vir die hoorder nie.

Die hoorder is in die preek bloot 'n objek, 'n ontvanger van die boodskap. Die probleem verder met die preek wat deelname bemoeilik, is dat die hoorder te veel voorgesê word wat om te doen . 'n Ongelooflike ses keer kom die woordjie "moet" voor in seksies 4, 6, 7, 8 en 9. Die preek word ook afgesluit dat daar vir die hoorder voorgesê word wat om te doen.

Laastens, die beeld van die mens wat voorkom in die preek, is dat ons vir mekaar moet sorg, en hierdie beeld word verbind aan die waarheid dat,

soos God vir ons sorg, moet ons vir mekaar sorg. Ongelukkig bewerk dit nie deelname nie, want die hoorder word nooit gewys op die ongelooflike rykdom van hoe God in Jesus vir ons sorg nie.

### 3.4.3. Die prediker

#### Preek A

Die prediker bou beslis 'n verhouding met sy hoorders op in die preek deurdat hy *ons* 53 keer gebruik. Die prediker gee ook 'n bietjie van homself in die preek as hy in seksie 2 sê dat daar dinge is wat hy nie lekker verstaan rondom die saak van mense se lewenstyl wat Jesus Christus aangeneem en bely as Verlosser nie. Dit is duidelik dat hierdie “probleem” vir die prediker iets van sy emosies en wandeling met die Here vir ons wys. Dat hy dit ernstig beleef dat 'n mens se lewenswandel in ooreenstemming met jou belydenis dat jy in Christus glo, moet wees.

#### Preek B

Die prediker bou beslis 'n verhouding op met sy hoorders in die preek. Indikatie hiervan is veral die gebruik van ek en jy in seksies, 3, 5 en 6. Dan rig die prediker ook die uitnodiging in seksie 4 aan die hoorder, om saam met die prediker die ontdekkings wat die Prediker gemaak het, te gaan ontdek. Die prediker gee byna niks van homself in die preek nie, behalwe dat hy die reeks van Dallas baie mis (seksie 2). 'n Mens kom ook niks agter in die preek van die prediker se wandeling met Jesus Christus nie.

#### Preek C

Die prediker bou nie regtig 'n verhouding met sy hoorders op in die preek nie, en die rede daarvoor is dat die prediker se gebruik van ons (10 keer), voorafgegaan word deur 'n ongelooflike 5 keer wat die prediker

voorskryf wat ons *moet* doen. Dis 'n foutiewe manier om 'n verhouding te probeer bou met jou hoorders in 'n postmoderne konteks. Verder gee die prediker niks van homself in die hele preek nie. Geen worsteling wat hy gehad het met die kerk nie, en niks waarmee die hoorder met die prediker kan identifiseer nie. 'n Mens kom ook niks in die preek agter van die prediker se wandeling met Jesus Christus nie.

#### 3.4.4. Die Heilige Gees

##### Preek A

'n Ernstige leemte in die preek, is die totale afwesigheid van die Heilige Gees.

##### Preek B

Die een verwysing na die Heilige Gees in seksie 3 hou eintlik niks verband met die boodskap van die preek nie. Dit is dus 'n ernstige leemte in die preek, naamlik die afwesigheid van die Heilige Gees.

##### Preek C

Die Heilige Gees word wel genoem in seksie 6 van die preek, en word gebruik om die hoorder aan te spoor tot daad van barmhartigheid, en word gebruik in die preek om te dui op die teenwoordigheid van God in die kerk.

#### 3.4.5. Toepassing volgens Lose se belydenisgerigte prediking van Jesus Christus

Die kriteria van die toepassing is die volgende:

- Kom die model van Paul Ricoeur (participation, distanciation, and appropriation) wat Lose gebruik in sy belydenisgerigte prediking na vore in die preek?



- Word daar enige belydenis gemaak van Jesus Christus, en verbind die prediker hom daaraan?
- Kom die belydenis wat die teks maak na vore in die preek?
- Is dit 'n preek wat tot verdere gesprek sal lei in die geloofsgemeenskap?
- Word die geloofwaardigheid van die preek nog gesteun deur modernistiese argumente, of hang die hele boodskap van die preek alleen van die belydenis van Jesus Christus af?
- Skryf die prediker voor aan die gemeente wat die waarheid is, of nooi die prediker hulle uit om saam met die belydenis van Jesus Christus alleen op weg te gaan?

#### Preek A

Wanneer ons na die vraag kyk of die hoorder deel neem aan die preek, dan word die hoorder uitgenooi om deel te neem aan die gesprek wat plaasgevind het tussen die teks en prediker. Dit kom ook duidelik in die preek na vore dat daar 'n gesprek tussen prediker en teks plaasgevind het, wat 'n belydenis na vore gebring het, dat ons wat Jesus Christus aangeneem het as Verlosser, nie altyd in ooreenstemming lewe met die belydenis nie! Hierdie konfrontasie is baie nodig om die kritiese ruimte (distanciation) te verskaf, waar die hoorder deur die Woord en Gees gekonfronteer word, om dit wat die prediker sê te aanvaar of nie. Die taal van die preek is van so 'n aard dat die bedoeling van die prediker (illokutionêr) na vore kom, wat belangrik is vir die toe-eiening van die belydenis. Die taal van die preek is beslissend, verhoudend, en ook baie belangrik weerloos, dat dit vertel van 'n persoonlike krisis wat die prediker gehad het met mense wie se lewens nie in ooreenstemming is met hul belydenis van Jesus Christus nie.

In die preek word wel 'n belydenis van Jesus Christus gemaak, deurdat die benaming, Here Jesus, 13 keer gebruik word, wat 'n belydenis is van die Eienaarskap van die Here, en dat ons aan Jesus behoort.

Dit is nie duidelik in die preek dat die prediker hom verbind (assertive) aan die belydenis nie, maar tog sy uitnodiging in seksie 11 sou dit moontlik veronderstel. Die belydenis wat die Bybelteks maak, naamlik dat geloof sonder daad dood is (seksie 3), kom pragtig na vore in die preek.

Die totale afwesigheid van die Heilige Gees plaas 'n groot vraagteken agter die preek. Ongelukkig word die geloofwaardigheid van die preek nog gesteun deur modernistiese argumente, soos baie duidelik gesien kan word in seksie 10 (as ons geloof nie oorgaan tot daad nie is dit niks anders as 'n spel met woorde nie). Die preek hang dus nie af van die belydenis wat oor Jesus Christus gemaak word nie.

Die prediker skryf verder voor aan die gemeente, en dit sien ons duidelik in seksie 11, waar die prediker aan die gemeente voor skryf om draers van 'n lewende geloof te wees. Die hoorder word dus nie uitgenooi om saam met die belydenis van die eienaarskap van Jesus Christus alleen op weg te gaan nie, omdat daar vir hom voorgeskryf word hoe om dit te doen. Omdat die keuse vir die hoorder gemaak word, kan daar nie werklik toe-eiening deur die hoorder vir homself in 'n postmoderne konteks gemaak word nie.

Preek A is dus nie 'n belydenisgerigte preek nie, en is nie 'n boodskap wat tot verdere gesprek in die geloofsgemeenskap sal lei nie.

## Preek B

Wanneer ons na die vraag kyk of die hoorder deel neem aan die preek, dan word die hoorder uitgenooi deur die vrae wat gevra word deur die prediker in seksie 1. Die hoorder word verder uitgenooi in seksie 2. Dus word deelname (participation) bewerk sodat die hoorder kan deelneem aan die boodskap. Dit kom nie duidelik in die preek na vore of daar 'n gesprek tussen prediker en teks plaasgevind het nie. Die prediker sê net in seksie 2: "kom ons ontmoet iemand wat met sinloosheid van die lewe geworstel het." Dit is nie duidelik of hy daarmee worstel nie, want die prediker gee amper niks van homself in die preek nie. Die hoorder kan egter identifiseer met die Prediker se worsteling met die sin van die lewe, wat die kritiese ruimte (distanciation) verskaf vir die hoorder om dit wat die prediker sê te aanvaar of nie.

Die taal van die preek is van so 'n aard dat die bedoeling (illokutionêr) van die prediker na vore kom, maar dit is nie duidelik of hy hom verbind aan die belydenis, dat in Jesus kry my lewe nuwe betekenis nie, wat belangrik is vir die toe-eiening van die boodskap. Die belydenis wat die teks maak, naamlik dat alles tot niks kom, kom na vore in die preek.

Ongelukkig is die afwesigheid van die Heilige Gees in die preek opmerkzaam. Verder, die belydenis in seksie 9 wat gemaak word dat: in Jesus kry my lewe nuwe betekenis, hang nogsteeds af van modernistiese argumente, dat die hoorder in seksie 10 voorgesê word wat om te doen. Die prediker skryf voor aan die gemeente, sodat die gemeente ook nie die geleentheid kry om die boodskap vir hulleself toe te eien nie. Die hoorder kry dus nie die geleentheid om saam met die belydenis van Jesus (dat in Hom kry my lewe nuwe betekenis) op weg te gaan nie.

Preek B is dus nie ‘n belydenisgerigte preek nie, en sal ook nie lei tot verdere gesprek in die geloofsgemeenskap nie.

#### Preek C

Wanneer ons na die vraag kyk of die hoorder deel neem aan die preek, dan vind dit nie regtig plaas nie. Daar is ook geen aanduiding dat daar ‘n gesprek tussen prediker en teks plaasgevind het in die hele preek nie, want die prediker vertel, en gee niks van homself nie. Die hoorder sal dus sukkel om deel te neem (participation) aan die preek. Omdat die hoorder nie werklik kan deel neem aan die preek nie, is daar ook nie ruimte vir distansiëring (distanciation) om die preek toe te eien nie.

Verder hang die preek ook veral af van modernistiese argumente dat die hoorder voorgesê word wat om te doen (woordjie *moet* kom 6 keer voor). Die preek word afgesluit met ‘n toe-einde, dat die hoorder voorgesê word wat om te doen.

Preek C maak geen belydenis van Jesus Christus nie, en is beslis nie ‘n boodskap wat lank onthou sal word of tot verdere gesprek in die geloofsgemeenskap sal lei nie.

#### 4. GEVOLGTREKING

Die volgende probleme vir prediking in ‘n postmoderne konteks het na vore gekom uit die drie preke wat geanaliseer is:

- Al drie preke sluit af met ‘n toe-einde, omdat daar vir die hoorder “voorgesê” word wat om te besluit. Die hoorder kry dus in al drie preke nie die geleentheid om die boodskap vir homself toe te eien nie.

- Al drie preke se geloofwaardigheid hang nogsteeds af van modernistiese argumente dat daar gesagsvol aan die hoorder voorgeskryf word wat om te besluit. As ons teruggaan na hoofstuk Een, waar ons postmodernisme beskryf het, dan het ons daar gesien dat postmoderne mense nie daarvan hou as iets op hulle afgedwing word nie.
- Omdat al drie preke afsluit met 'n toe-einde, en die hoorder daarom nie die geleentheid kry om die boodskap vir homself toe te eien nie, is daar ook nie sprake dat die boodskap tot verdere gesprek in die geloofsgemeenskap sal lei nie. As ons weer teruggaan na ons beskrywing van postmodernisme in hoofstuk Een, dan is postmoderne mense op soek na deelname en gesprek met mekaar.
- Nie een van die drie preke is belydenisgerigte preke, deurdat die boodskap die hoorder uitnooi om saam met die belydenis van Jesus Christus op weg te gaan nie. En verder is dit baie jammer dat nie een van die preke werklik 'n belydenis oor Jesus Christus maak nie. As ons teruggaan na hoofstuk Twee, na Lose se argument, dan het ons daar gesien dat die belydenis oor Jesus Christus aan ons (kerk) die beste wyse verskaf om ons geloof in 'n postmoderne konteks te verwoord, en te kan deelneem in die gesprek met postmoderne mense wat ons kerke vol sit.

## 5. SAMEVATTING VAN WAT TOT DUSVER GESÊ IS

Ons het gesien in hoofstuk Een dat ons vandag in die postmoderne konteks leef in 'n massa-kommunikasie wêreld, waar ons as Christelike kerk deel van uitmaak. Om in hierdie massa-kommunikasie deel te neem aan die gesprek wat plaasvind as Christene en die kerk, het ons in hoofstuk Twee gesien, die beste manier is om ons geloof te bely. Ons geloof in Jesus Christus, want die Christelike gemeenskap het sy ontstaan

te danke aan die belydenis dat Jesus Christus die Seun van God is (Matteus 16:16). Die belydenis van Jesus Christus moet veral in die prediking na vore kom, as belydenisgerigte prediking, en wel op so 'n wyse dat die hoorder uitgenooi word om deel te neem (participation) aan die belydenis. Die kritiese ruimte gegun word (distanciation) om dit wat bely word deur die prediker in sy gesprek met die teks te aanvaar, en toe te eien (appropriate) vir homself. Ons het gesien met die preekanalises in hoofstuk Drie dat die preke nie belydenisgerig was nie, nie die openheid gelaat het vir die toe-eiening van die boodskap nie, en nie tot verdere gesprek sou lei nie, en daarom wil ek in hoofstuk Vier my eie poging aanwend, sodat die preek tot verdere gesprek sal lei.

## HOOFSTUK VIER

### BELYDENISGERIGTE PREDIKING OP DIE INDUKTIEWE WYSE

#### 1. INLEIDING

“Once there was a man who wanted nothing more in life than to feed pigeons in the park. On his first approach, the man was so excited and eager, he rushed out into the park waving the bread crumbs and shouting, ‘Look what I’ve got for you!’ Of course the pigeons were frightened and flew away.

On his second approach, the man hid crouched in the bushes and when one of the pigeons turned away, he sprang out of hiding and grabbed the bird, proceeding to stuff the bread into the pigeon’s beak declaring, ‘This is what you need! It’s good for you!’ (Klink dit nie soos modernisme nie?).

On his third approach, the man calmly took a seat on the park bench and began scattering breadcrumbs around the ground. After a short while, the pigeons began to realise that the man meant no harm and that the bread was indeed good to eat. From that point, the man could feed the pigeons to his heart’s content” (Johnston 2001:117).

Prediking in ‘n postmoderne konteks behoort hierdie wysheid te omhels, want in ons gretigheid om die boodskap van Jesus Christus te verkondig, kan ons so maklik ons hoorders skrikmaak, sodat hulle wegvlieg. Of so forseer om die Waarheid (Jesus Christus) te omhels, dat hulle verstik daaraan.

Tog is dit ons begeerte om die waarheid oor Jesus Christus te bely op so 'n wyse dat hulle uitgenooi word om self die “Brood van die Lewe” deel van hulle lewe te maak.

Ek bepleit 'n belydenisgerigte prediking (gesprek) as die beste wyse om die Christelike geloof te kommunikeer, nie net in die prediking nie, maar ook daar waar ons as Christene met postmodernisme stoei elke dag. Vir my is die induktiewe wyse van prediking die effektiwste manier hoe die belydenisgerigte prediking van Jesus Christus, soos deur Lose voorgestel, na vore kan kom in 'n postmoderne konteks.

Daarom gee ek in dié hoofstuk 'n kort beskrywing van die induktiewe wyse van prediking. Ek sê hoekom ek dié wyse van prediking kies. Dan wys ek hoe die gesprek kan plaasvind (verloop) tydens die voorgesprek, gesprek tydens die erediens, asook elemente wat na vore moet kom tydens die gesprek in die erediens, en dan hoe die gesprek kan verloop na die erediens. Ek wil deur die gesprek wat plaasvind op die induktiewe wyse, aantoon hoe Paul Ricoeur se model van deelname, distansiëring en toe-eiening na vore kom om 'n postmoderne hoorder te lei om Jesus Christus te bely.

Ten slotte gee ek 'n voorbeeld van 'n belydenisgerigte preek op die induktiewe wyse. Die doel van dit alles is om die gesprek in 'n postmoderne omgewing te bevorder.

## 2. INDUKTIEWE WYSE VAN PREDIKING

In sy boek *As One Without Authority*, gee Fred Craddock 'n skitterende beskrywing van die induktiewe wyse van prediking, want dit was hy wat hierdie metode ontwerp het, teenoor die deduktiewe wyse van prediking.



Daarom, om die induktiewe wyse te verstaan is dit wenslik om te sien hoe die deduktiewe wyse van prediking lyk.

### 2.1. Deduktiewe wyse van prediking

Craddock (1981:54) gee 'n beskrywing van die deduktiewe wyse van prediking. Homileties gesproke beteken deduktief: “Stating the thesis, breaking it down into sub-theses, explaining and illustrating these points, and applying them to the particular situations of the hearers” (Craddock 1981:54).

Die nadeel van hierdie wyse van prediking is dat die hoofgedagte sommer aan die begin van die preek gegee word. Met ander woorde, die slotsom, of konklusie van die boodskap word gegee, voordat dit ontwikkel word in die preek. Dit is soos om die Currie-beker omhoog te hou in rugby, en dan eers daarna die wedstryd te speel. Nogal 'n onnatuurlike manier van rugby speel. Dit is net so 'n onnatuurlike manier van kommunikeer, tensy 'n mens veronderstel dat jou hoorders passief is.

Dit is dan 'n verdere nadeel van die wyse van prediking dat die hoorder hier totaal passief is wat glad nie goed is in 'n postmoderne konteks nie, want die hoorder soek gesprek en deelname. 'n Verdere groot nadeel van hierdie wyse van prediking, is dat dit outoritêr plaasvind, dat die hoorder voorgesê word wat om te besluit, wat nogal goed was in 'n modernistiese konteks, maar glad nie meer werk in 'n postmoderne konteks nie.


### 2.2. Induktiewe wyse van prediking

Teenoor die deduktiewe wyse staan die induktiewe wyse van prediking. Die waarde van dié wyse van prediking lê daarin dat daar van 'n spesifieke ervaring van die hoorder of geloofsgemeenskap beweeg word

na 'n algemene waarheid of konklusie. Die hoorder is in hierdie wyse van prediking aktief betrokke wat belangrik is in 'n postmoderne klimaat. Die kommunikasie in die preek is gespreksagtig (conversational) wat belangrik is vir deelname, distansiëring, en toe-eiening van die boodskap. 'n Laaste belangrike punt van hierdie wyse van prediking, is dat die hoorder die geleentheid kry, en die vryheid het, om die boodskap vir homself toe te eien en te interpreteer (Craddock 1981:57-64).

As ons die verskil tussen die twee wyses van prediking skematies kan voorstel, dan sal dit so lyk:


Algemene waarheid



Spesifieke toepassing

(Deduktief)

Besondere ervarings



Algemene toepassing of  
toepassing

(Induktief)

### 3. HOEKOM DIE INDUKTIEWE WYSE VAN PREDIKING?

Eerstens, die induktiewe wyse van prediking respekteer die hoorder nie net in deelname (participation) nie, maar ook om vir homself die preek te interpreteer. Dit lei verder daartoe dat die hoorder die geleentheid gegun word om die boodskap te voltooi. Nie net aan die einde van die preek

nie, maar tydens gedagtes, keuses, en belydenisse wat gemaak word in die preek. Hierdie manier van prediking lê natuurlik 'n groot verantwoordelikheid op die prediker om die preek “voorlopig” aan te bied. Ja, soos Craddock (1981:64) sê: “He (preacher) restrains himself, refusing to do both the speaking and listening, to give both stimulus and response, or in a more homely analogy, he does not throw the ball and catch it himself.”

Die preek is dus soos 'n skildery waar die prediker (kunstenaar) die boodskap (kunswerk) aanbied, sodat die hoorder die ruimte (distanciation) gegun word om dit te voltooi. Ek kan dit nie mooier sê as in die volgende woorde van Craddock (1981:65) nie: “Nothing is more disgusting than some religious art that is so exhaustively complete, so overwhelmingly obvious, that the viewer has no room to respond.”

Tweedens, in die induktiewe wyse van prediking word daar vertel van spesifieke ervarings, belewenisse, krisisse, en geloofsprobleme wat gebeur het in die gemeente. Nie net as 'n mooi inleiding om die preek mee te begin nie, maar dit is die stof (stuff) waaruit die boodskap bestaan, sodat die hoorder spesifiek daarmee kan identifiseer, sonder om so spesifiek te raak dat name genoem word in die preek. Dit is natuurlik baie Bybels, want die Ou Testament vertel van spesifieke belewenisse, hartseer en ervarings van mense. So ook die Nuwe Testament. Paulus het nooit sy briewe begin met: “Aan wie dit mag aangaan”, of “Hier is 'n paar algemene idees oor slawerny” nie. Paulus het 'n spesifieke adres gehad, as hy geskryf het aan die verskillende gemeentes. Paulus skryf byvoorbeeld in die brief aan Filemon: “Aan Filemon, ons vriend en medewerker” - vers 1, en “Ek doen 'n beroep op jou in belang van my

kind Onesimus” -vers 10. Paulus skryf spesifiek, en praat met spesifieke hoorders.

Die inkarnasie (vleeswording van Jesus Christus) is ook op die induktiewe wyse. Vanuit spesifieke ervarings en belewenisse wat mense met Jesus van Nasaret gehad het, het hulle gekom tot belydenisse oor Hom. Dit is daarom pynlik en tragies dat preke hierdie wyse omgekeer het asof Jesus in Johannes 14:9 gesê het: “Wie die Vader sien, sien Jesus Christus”. Maar: “Wie My (Jesus Christus) sien, sien die Vader.”

Daarom, omdat die induktiewe wyse dit moontlik maak om met die hoorders in gesprek te tree, in verhouding te tree met die hoorder, deelname van die hoorder te verlang, wil ek nou wys hoe hierdie prediking, en gesprek hom verleen, om deelname (participation), distansiëring (distanciation), en toe-eiening (appropriation) moontlik te maak om Jesus Christus te bely in ‘n postmoderne konteks.

#### 4. BELYDENISGERIGTE PREDIKING OP DIE INDUKTIEWE WYSE

##### 4.1. Die voorgesprek

Vir ‘n doeltreffende gesprek in die erediens is goeie kommunikasie in die alledaagse verhoudings tussen prediker en gemeente buite die erediens noodsaaklik vir ‘n kans op goeie kommunikasie tydens die preek. ‘n Prediker wat in onnodige “skietgevegte” betrokke raak met sy hoorders, maak hom oop vir ‘n koue ontvangs (as so ‘n persoon sou kerk toe kom), en lei tot ondoeltreffende kommunikasie deur die prediker. Die preek moet dus deur dialoog (gesprek) omring word voor, tydens, en na die preek (Pieterse 1985:127).

Daar is veral twee belangrike beginsels in kommunikasie wat voor die tyd reeds die sukses of mindere sukses van die preek bepaal. Dit is die persoonlike kontak van die prediker se kant af. Die persoonlike kontak kom natuurlik na vore daar waar die prediker huisbesoek doen by sy gemeentelede, waar die prediker sy hoorders verras met 'n besoek by hulle werke, waar hulle hom kom sien oor probleme (sy pastorale plig), maar ook daar waar die prediker sy hoorders raakloop by 'n winkel, winkelsentrum om sommer net te "chat". Hierdie "voorgesprek" is nodig om te weet wat leef in die harte van jou hoorders. Is hulle moeg omdat die jaar einde se kant toe staan? Is hulle teleurgesteld omdat die Bulle "onregverdiglik" die Currie-beker verloor het? Die persoonlike kontak lei tot vertroue tussen prediker en hoorder wat 'n belangrike bestanddeel is vir goeie, diep, egte kommunikasie tydens die preek.

Die belangrike is hier: Ken jou gehoor. Ken jou gemeente. Dié punt is so belangrik dat ek dit in groter detail bespreek as deel van die voorgesprek.

Omdat die prediker tydens die voorgesprek 'n goeie idee het van die skindernuus, die krisisse en vreugdes wat leef in die harte van sy hoorders, stel ek voor dat predikers die week voor die preek, alreeds sy tema vir die boodskap aankondig op die weekblaadjie. Nie net besef die hoorders dat hulle geken word in die gesprek nie, maar hulle sien ook uit na die preek. So 'n gesprek, die week voor die preek, lei die hoorder om te praat oor Jesus Christus met ander hoorders, wat kan lei tot 'n belydenis oor Jesus Christus by die werksplek, huis, skool of waar ook al. Dit is presies wat ons wil hê in 'n postmoderne konteks.

Ek gee 'n voorbeeld van so 'n aankondiging op die weekblaadjie, wat die hoorder alreeds 'n week voor die preek betrek (participation).



**Nederduitse Gereformeerde  
Kerk Selectionpark**  
**20 November 2005 Weekblad**  
*Besoekers en nuwe lidmate! Baie welkom!*  
*As u wil deel word van die Selectionpark gesin,  
vul asb. die sensusvorm in, en ons sal u kom besoek.*

15 Yvonne Straat, Selectionpark , ngselpark@absa mail.co.za , ☎ 011-3624672 ☒ 690, Selectionpark, Springs

*Baie welkom by ons Kerssangdiens vanoggend!*


**Maandprogram vir November 2005**

|             |  |
|-------------|--|
| 20 November | Erediens 8:45 & Damaskus 18:00 :Oom Karolus<br>Kerssangdiens |
| 20 November | Kinderkerk afsluiting  |
| 21 November | Kerkraadsvergadering 19:00Blok 3 Skinkbeurt<br>Senior ete    |
| 24 November | Senior ete   |
| 27 November | Erediens 8:45 & Damaskus 18:00                               |
| 27 November | Deurkollekte vir Inst. Vir Blindes                           |
| 27 November | Gemeente ete   |

**Volgende week se Eredienstema is:**

**Het jy genoeg gehad?**

**Teks: Matt. 15: 32 – 39**



Nog 'n aspek van die voorgesprek waaraan ook aandag gegee moet word, is die inrigting van die liturgiese ruimte in die kerk vir die erediens. Dit het het beslissende invloed op kommunikasie in die prediking (Pieterse 1985:128). Die liturgie moet ook beplan word vir die erediens die volgende Sondag. Dit kan nie somer maar net van die prediker se kant

af kom nie. Hier is dit belangrik om te beplan saam met die sangkommissie (ons gemeente s'n staan bekend as Leiturgia), en ons kom Donderdae-aande bymekaar om die liturgiese orde, sang, en selfs die boodskap te bespreek.

#### 4.1.1. Ken jou gehoor (deel van die voorgesprek)

Dit is vir my so 'n belangrike deel van die proses wat plaasvind tydens die voorgesprek, dat ek dit in groter detail wil bespreek. In sy boek *Why Don't People Listen?* waarsku Hugh Mackay dat preke hanteer moet word soos "drugs" wat mense soos 'n dwelm bedwelm. Mackay (1994:113-114) sê: "We can't just assume that messages have inherent power of its own. People are not blank slates on which we write our messages. People are a pulsating bundle of attitudes, values, prejudices, experience, feelings, thoughts, sensations and aspirations. They are active, not passive, even when they are listening." Om hierdie rede sê Calvin Miller (1995:134): "The more you know about your audience, the greater are your chances of communicating to your audience."

Daarom behoort elke prediker homself gereed in die voorbereiding van sy preek af te vra: Wie is my gehoor? Sal my boodskap betekenis hê? Die boodskap kan dalk relevant wees, maar sonder betekenis. Ek verduidelik. 'n Toilet teken op 'n lughawe in Japan of Griekeland is wel relevant, maar het geen betekenis vir my wat nie Japanees of Grieks verstaan nie. Vir baie postmoderne hoorders het die Bybelse Boodskap geen betekenis nie, omdat hulle dit nie verstaan nie. Daarom is die voorgesprek so belangrik om te weet, wie is my hoorders? Sal hulle my "Japanees" of "Grieks" verstaan?



‘n Goeie voorbeeld in die Ou Testament van iemand wat seker gemaak het dat sy boodskap nie net relevant sal wees nie, maar ook verstaan sal word deur sy hoorder, was die profeet Natan. In 2 Samuel 12:1- 14 vang Natan vir koning Dawid heeltemal onkant deur hom terug te neem na sy kinderjare waar hy skape opgepas het. Die boodskap gryp die hart van die koning geweldig aan, wanneer Dawid terugdink aan sy kinderjare as skaapherder. En soos Natan verder die verhaal vertel, kan mens indink hoe Dawid se are op sy gesig van woede begin staan het, soos Dawid deel van die verhaal word. Toe Natan die punt bereik waar hy vertel het dat die ryk man die arm man se enigste oilammetjie geslag het, kon Dawid hom nie meer inhou nie. Toe sê Dawid in vers 5: “So seker as die Here leef, ‘n man wat dit oor sy hart kon kry om so iets te doen, moet doodgemaak word...” Toe sê Natan in vers 7: “Jy is die man.” Omdat Natan sy hoorder geken het, moeite daarmee gedoen het, was sy boodskap nie net relevant nie, maar ook verstaanbaar.

#### 4.1.2. Die prediker se gesprek met die Bybelteks

Vos (1996:180) beskryf dit pragtig dat die prediker ‘n “woord-voerder” is namens ‘n Ander. Hy (prediker) is ‘n dienskneg. As verteenwoordiger van die Here weet hy dat die Here die eintlike Sender is. Die prediker kan in die wete preek dat dit om die gekruisigde en die opgestane Here Jesus Christus gaan. Die prediker is die eerste hoorder van die boodskap. Hy hoor ook namens latere hoorders. Om dit te kan doen, moet hy in hulle skoene gaan staan, en met hulle ore luister. Dit het ek bespreek met die prediker se kontak en gesprek met sy gemeente. Die hoorproses tussen prediker en teks begin, wanneer die prediker in verhouding met die teks tree. Wanneer daar ‘n gesprek tussen prediker en teks plaasvind. Die teks soek dit. Die teks soek nie ‘n monoloog nie, maar ‘n gesprek. Die prediker moet die teks ontdek, interpreteer en internaliseer. Die



prediker moet eers toelaat dat die teks iets vir hom sê voordat hy dit waag om iets van die teks aan ander te sê. Dan vind daar werklike gesprek plaas tussen die Woord en die gemeente, wat dan ook die kritiese ruimte verskaf van distansiëring en toe-eiening van die boodskap.

Tydens die afsluiting van die voorgesprek, voordat die gesprek voortgesit word in die erediens, kan ons hier ‘n paar gevolgtrekkings maak:

- Eerstens, die hoorder is al klaar, en voel klaar deel van die preek (participation). Met die afkondiging van die preektema die week voor die preek, is daar alreeds ruimte gelaat vir gesprek oor die boodskap, wat die kritiese ruimte laat vir distansiëring, en toe-eiening van die boodskap die volgende Sondag.
- Tweedens, die prediker het moeite gedoen om sy hoorders te ken.

## 4.2. Die gesprek tydens die preek

### 4.2.1. Begin die boodskap waar die hoorders is

Jesus het hierdie metode uitstekend toegepas in sy gesprek met die Samaritaanse vrou in Johannes 4:1-26, en met Saggeus in Lukas 19:1-11. Paulus doen dieselfde in sy gesprek met die Ateners in Handeling 17:22-34. Die vraag is nou: dit is goed en reg om die boodskap te begin waar die hoorder(s) is, maar hoekom verloor hulle dan so maklik belangstelling in die boodskap? Edward de Bono (1990:134) sê “The listener gets involved when the preacher addresses an area of human need.” As ons Abraham Maslow se tabel van die mens se vyf belangrikste behoeftes in volgorde van belangrikheid gebruik om belangstelling in die boodskap te behou, dan is dit:

- Fisiese behoeftes van kos, gesondheid en oorlewing
- Om veilig te voel, ‘n behoefte aan sekuriteit

- Liefde. Om aan 'n groep te behoort
- Waardering. Om belangrik te voel, dat mense jou raaksien, en respekteer
- Die behoefte om jou potensiaal, en drome te verwesenlik (Maslow 1962:50).

Calvin Miller (1995:134) sê dat daar ses basiese vrae is, wat elke generasie vra:

- Wat is die doel van die lewe?
- Wat doen ek hier?
- Hoe het dit gebeur?
- Waar sal ek eendag opeindig?
- Hoe kan ek gelukkig of gelukkiger wees?
- En wat beteken dit om mens te wees?

Om kontak te maak met jou hoorders deur 'n menslike behoefte aan te spreek, en om hulle belangstelling daardeur in die boodskap te verskerp, is egter net die begin. Daar moet iets vir die hoorder in wees waar hy kan sê: “Ek wil verder luister. Dit het my aandag.” Dit gebeur as predikers ook van die ervarings wat hy in die voorgesprek gehoor het, inbring in die boodskap. Wanneer die prediker praat van sy voorliefde en ervaring wat hy gehad het tydens 'n jagtog, sal 'n paar mense regop sit en luister, maar die gemiddelde hoorder sal uitgesluit voel. Maar wanneer die prediker vertel van 'n ervaring waar daar by mense ingebreek is, sal almal regop sit, want almal (hoorders) het 'n behoefte aan veiligheid en sekuriteit. Die belangrike woord hier is *identifikasie* met jou hoorders. Wanneer 'n hoorder kan identifiseer met 'n persoon, of 'n karakter in 'n flik, dan “verlei” dit hom om deel te word van die gesprek, en om meer te wil hoor.

Ek wil hier twee belangrike afleidings maak:

- Eerstens dink ek die dae van rondreisende predikers wat nie voltyds in ‘n gemeente staan nie, is getel. Die rede is dat hulle nie vertrou kan opbou met hulle hoorders tydens die voorgesprek nie, en soos ons gesien het is vertrou ‘n baie belangrike deel vir behoorlike effektiewe kommunikasie. Postmoderne mense is ook van nature skepties en agterdogtig, wat dit vir so ‘n prediker moeilik maak om effektief te kommunikeer.
- Tweedens, meer preke moet begin met die lewenservarings van die hoorder. Ek noem dit die “sekulêre” afgelei van die Latynse woord *saeculum* wat beteken die tyd waarin ons leef. Dit veronderstel die hoorder se ervarings, krisisse en probleme in sy lewe van elke dag, en verskaf ‘n nuttige kontakpunt om belangstelling te verkry, en die hoorder se aandag te behou dat hy wil deelneem (participate) aan die boodskap.

#### 4.2.2. Belangrikheid van die liturgie in die erediens

Liturgie het sy ontstaan uit die mondelinge (oral) kultuur, en is beide die institusionele en charismatiese uitdrukking van God se teenwoordigheid met ons (Walker 1996:195). Die vroeë Christelike liturgie was ‘n vertelling van die Goddelike drama van verlossing, deur te fokus op die lewe, sterwe en opstanding van Jesus Christus (Walker 1996:27).

Daarom het liturgie veral twee belangrike funksies om te vervul in ‘n postmoderne konteks.

- Eerstens lei die liturgie ons in die teenwoordigheid van God in, en om die wonder van God se bemoeienis met ons te besef. In die verhaal van die brandende bos in Eksodus 3:1 – 4:17, word Moses gekonfronteer met die heilige teenwoordigheid van God, omdat God hom aangespreek het. Die brandende bos is ‘n simbool van

God se teenwoordigheid, en die sprekende God, en ons beweeg in daardie teenwoordigheid in wanneer Hy met ons praat. Daarom ons gebede, ons sang, ons geloofsbelydenis is om te erken dat ons in die teenwoordigheid van God is. Die liturgie waarin God ons aanspreek moet ons in 'n postmoderne konteks weer inlei, bewus maak van daardie heilige teenwoordigheid waarin ons beweeg. Ja, soos Walker (1996:196) sê: “The word liturgy is drawn from the word usage. A liturgy then, is the well-worn use, the practice of being in the presence of God.”

- Tweedens is liturgie meer as net om die teenwoordigheid van God te beleef en te ervaar, wat op sigself baie belangrik is in 'n postmoderne konteks, waar mense hou van ervaar, voel, en om te beleef. Liturgie is ook evangelisasie. Liturgie is om die verlossing van Jesus Christus uit te beeld op so 'n manier dat mense dit vir hulleself kan sien. Ons het Jesus Christus. Ons het Sy verhaal, maar niemand kan dit sien nie, want ons sit vandag nogsteeds met 'n tydteenstrydige koue liturgie waaraan niemand wil of kan deelneem nie. Mense vandag leef in die elektroniese eeu van beelde, tekens en musiek. In die woorde van Walker (1996:198): “Instead of abandoning imagery and drama to postmodern popular culture, we must reclaim it for ourselves to be hallowed and offered back to God, thine of thine own in the words of the ancient eucharistic prayer.”

4.2.3. Belangrikheid van die volgende elemente: humor, metafore, simbole en oudio-visuele tydens die erediens-gesprek

Humor: Die rede hoekom ek kies vir humor tydens die gesprek in die erediens, en in die preek, is omdat dit die kommunikasie tussen hoorder en prediker kan verbeter. Humor word baie keer net gebruik as 'n ysbreker om die hoorders se aandag te kry, maar humor in die boodskap kan die volgende bereik:

- Eerstens is humor 'n gereedskap wat die prediker kan gebruik om die hoorder te lei om insig te verkry in sekere probleme, en om ook belangstelling in die boodskap (gesprek) te behou.
- Tweedens lei humor die hoorders om 'n gedagte, of 'n stelling vanuit 'n nuwe hoek of perspektief te sien.
- En derdens help humor die prediker om moeilike probleme aan te spreek. Howard G. Hendricks (1987:46-47) vertel die volgende humoristiese staaltjie om die punt van my te bevestig. "I once visited one of my former students to join him for a week of ministry meetings. As soon as I arrived his wife got me aside and said, 'Will you please say something to my husband? He's averaging only five hours sleep a night and is headed for four, and...frankly, we can't live with him. He's driving the kids up a wall'. Near the end of the week he and I were traveling in the car together, and as he drove I said to him, 'Hey man, how come you don't smoke?' We almost went off the highway. 'Prof,' he finally answered, 'I never smoke'. 'Yes,' I said, 'I noticed I had't seen you light up a single time all week'. By then he was giving me some rather strange looks, as if he thought I had squirrels crawling around in my steeple. 'Why don't you smoke?' I asked. 'Prof', he said, 'my body is the temple of the Holy Spirit'. 'Yeah', I said, 'that's right. Good thinking.' Then I added, 'Is that also the reason you are averaging five hours of sleep a night, headed for four, and driving your family bonkers?'

Die Bybel is natuurlik ook vol humor. Ons lewe genoeg in 'n wêreld waar mense negatief en met lang gesigte rondloop. Daarom is humor 'n handige gereedskap om deelname (participation) aan die preek, waar die verlossing van Jesus Christus bely word te bewerk, sonder om dit goedkoop of minder ernstig voor te stel.

Metafore: Die Griekse woord *metaphora* is saamgestel uit twee woorde, naamlik *meta* en *pherein*, wat “oor” en “dra” beteken. Die metafoor help dus die prediker in 'n postmoderne konteks om die belydenis van Jesus Christus oor te dra, en wel op die wyse dat die metafoor spreek tot die hoorder se eie sosiaal gekonstrueerde wêreld, en elkeen heg dan sy of haar eie betekenis aan dit wat hulle hoor. Dit is natuurlik uitstekend vir 'n postmoderne hoorder, wat dus die vryheid het om die boodskap vir homself toe te eien (appropriate). Jesus Christus het die waarde van die metafoor gebruik, besef en toegepas. Ons besit vandag Jesus se metafore (gelykenisse). Gossip stel dit so: “The gospels are a glorious picture gallery; everywhere there is a appeal made to the eye; the deepest truths are stated metaphorically; the most profound of human thoughts are made to stand out of the page of living figures. We do not have to think them, for we see them. And we must try to gain some dim far-off approximation to the Master’s unique faculty” (In Van Blerk 1995:23).

Dit dui natuurlik op die hoorder se aktiewe rol in die gesprek en in die prediking waar die hoorder die prediker volg in die metafore wat hy gebruik. Daar is dus 'n aktiewe deelname van die hoorder aan die kommunikasieproses wat lei tot distansiëring, en toe-eiening van die boodskap (belydenis van Jesus Christus). Die woord distansiëring wil ek hier net verduidelik. Ek bedoel daarmee dat dit 'n distansiëring is van jouself, en jou eie wêreld na 'n ander wêreld, die wêreld van die teks se

boodskap wat in jou wêreld inkom, en dit oopmaak vir God se wêreld. Ja, in die lofsange ervaar ons God se teenwoordigheid, maar dit is omdat in die seëngroet Hy ons reeds in genade aangespreek het. God kom na ons eerste, en daarom kan ons naderkom.

Ek maak die gevolgtrekking dat die metafoor die preek vir die postmoderne hoorder net meer “verteerbaar” maak, en verhoog dus die moontlikheid om Jesus Christus te omhels, te bely, en tot verdere gesprek te lei in ‘n postmoderne konteks.

Simbole: Die woord “simbool” kom van die Griekse werkwoord *sumballein* wat versamel, uitwissel (oorganklik) en mekaar ontmoet (onoorganklik) beteken (Vos 1996:58). In die Griekse Oudheid het ‘n *sumbolon* ‘n potskerf wat in twee gebreek is aangedui. Twee bondgenote het dan die skerwe as bewys van hulle onderlinge ooreenkoms uitgeruil. Een stuk het opsigself geen betekenis nie. Saam vorm dit egter die (h)erkenning van die ooreenkoms (Depoortere 1994:374). Die belangrikheid van die gebruik van simbole tydens die erediens is dat dit die hoorder laat nadink. Simbole daag die hoorder uit om oor die diepere betekenis van die evangelie na te dink, en verskaf dus die ruimte vir distansiëring om die waarheid te ontdek en te (h)erken vir homself.

Oudio-visueel: Die massamedia het hoorders in ‘n postmoderne konteks gewoon gemaak dat informasie deur meer as net die gesproke woord oorgedra kan word. Veral vir die ondersteuning van die gesprek is oudio-visuele middele soos transparante, video’s, powerpoint en dies meer, baie nuttig. Dit help ook verder om die hoorder se sintuie te aktiveer (veral die gevoelsintuig). Dit dra dus by om die hoorder betrokke te maak en te laat deelneem aan die gesprek in die erediens, maar ook om die hoorder

op so 'n wyse te konfronteer met 'n beeld wat nie in woorde gesê kan word nie.

#### 4.2.4. 'n Voorbeeld van 'n belydenisgerigte preek op die induktiewe wyse

Vir hierdie voorbeeld het die voorgesprek dus reeds plaasgevind tussen my en die gemeente, en die Bybelteks. Die voorbeeld van die preek sluit ook die liturgie in, asook elemente wat genoem is om die gesprek tydens die erediens verder uit te bou om deelname, distansiëring en toe-eiening van die boodskap te bewerkstellig. Dit is egter nie nodig om van elke element gebruik te maak nie, maar soos dit pas en inskakel om die erediensgesprek te bevorder.

#### Voorbereiding

Tydens die voorbereiding is geestelike musiek gespeel, wat die boodskap van Kersfees, die geboorte van God se Seun na vore laat kom het. Daar is ook 'n groot vars brood sigbaar op 'n tafel geplaas in die liturgiese ruimte, asook 'n paar snye brood.

#### Votum

'n Mens leef nie net van brood nie...

Gemeente: maar van elke woord wat uit die mond van God kom.

#### Seëngroet

Aan die gemeente van God in Selectionpark: Genade, vrede en barmhartigheid van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die werking van die Heilige Gees.



### Antwoord op God se groet

In ons gemeente geskied die antwoord op die groet deur God se lof te besing as reaksie op God se Woord in die seëngroet, en so sy teenwoordigheid te ervaar.

### Voorlesing van die wet soos dit vir ons voorgehou word in Matteus 19: 16-30

Broers en susters, een gedagte wat hier by my opgekom het, is dat die ryk jongman gedink het dat hy die gebooie goed genoeg nagekom het. Dat hy eintlik vir homself 'n klop op die skouer kon gee om te sê: “Wel gedaan.” Dan wys Jesus vir hom in vers 21 hoe oneindig ver hierdie man nog van die koninkryk van God af is. Is dit nie baie keer hoe ons ook is nie? Ons redeneer: “Ek is nie te ‘bad’ nie. Ek het genoeg gedoen die afgelope week om oulik in God se oë te wees.” Kom ons bely daardie selfverheerlikte gedagtes vandag. Kom ons erken dat ons slegs volmaak is deur Jesus Christus, die Lewende Brood (wys na die brood) wat die “genoegsame” offer vir ons gebring het!

### Skuldbelydenis

Gemeente sing lied 232 (Diep, o God, diep neergeboë).

### Genadeverkondiging

Die gemeente lees saam hardop die genadeverkondiging soos dit voorkom in Hebreërs 10:12, 14: “Maar Jesus Christus het *een* offer vir die sondes gebring en vir altyd aan die regterhand van God gaan sit. Deur die *een* offer het Hy die wat vir God afgesonder word, vir altyd *volkome* van sonde vrygemaak.”

Gemeente sing daarna lied 334 (God is Liefde, juig ons harte).

Aankondiging van teksgedeelte Matteus 15:32-39, en gebed om die opening en verligting van die Woord.

Gemeente sing daarna lied 253 (U het die brood gebreek).

Terwyl die gemeente sing word die brood gebreek en die broodkruummels gestrooi in 'n bak.

### Prediking

Broers en susters, met baie mense waarmee ek die afgelope tyd gepraat het sê: “Ek het nou genoeg van die jaar.” “Die jaar moet nou einde kry.” Ek het hierdie week ook so gevoel. Weet u wat het met my gebeur? Ek het my pragtige swart Polo in die middel van ons elektriese hek parkeer, en toe druk ek die verkeerde knoppie op die “remote”. Daar sit my motor toe soos ‘n “hotdog” in die middel vasgedruk. Ek het net my kop in my hande vasgehou, en gelukkig nie gevloek nie. Ek het toe ook gevoel: “Ek het nou genoeg gehad.”

Voel u ook so vandag? Dat u genoeg gehad het van die jaar, van u werk. Ja, dat u nou dringend ‘n “break” nodig het. Dalk is dit veel ernstiger as dit, dat u selfs voel: Ek het genoeg gehad van die lewe! Ek is siek en sat daarvoor! Miskien het u ook gesê met die oog op Nuwejaarsvoornemens: “Ek het genoeg gehad van my luiheid, my kritiese, negatiewe houding. Volgende jaar gaan ek meer positief wees, en meer ywer aan die dag lê.”

Ek het genoeg gehad. Ek is seker u het ook al so gevoel. Wat het u gedoen om van daardie leë, leë sinkende gevoel ontslae te raak? (Wys foto's op skerm van mense wat eet, drink, en bid).

In ons teksgedeelte lees ons ook van mense wat leeg was. Ten spyte daarvan dat hulle al die wonderwerke en genesings van Jesus Christus beleef het, was hulle al drie dae sonder kos gewees. Drie dae! Dit is ‘n leë maag. Miskien kan ons ook die teks verstaan dat hulle kos begin opraak het, en dat hulle vir ‘n dag of so niks meer kos gehad het by hulle nie. Hoe sien u dit? Hoe dit ook al is. Hulle mae was leeg.

Baie keer wanneer ons sê: “Ek het genoeg gehad”, dan is dit juis as gevolg van so ‘n leë gromgeluid in my binneste. ’n Leë gevoel wat ek nou al ‘n geruime tyd het oor my werksituasie. ‘n Leë gevoel wat ek het oor my huwelik. ‘n Leë gevoel wat ek het oor my finansies. ‘n Leë eensame gevoel wat in my opwel oor hierdie Kersfeestyd, omdat ek weer stoksielalleen gaan wees! Toe ek my motor gestamp het, het ek net so gevoel.

Daar sit die mense toe. Leeg, en honger. Dalk het party van hulle ook gesê: “Ons het genoeg gehad.” Net die mans was 4000. Dan was daar nog die vrouens, en skreeuende kinders.

Matthew Henry het een keer gesê: “’n Kind wat honger is sterf sentimeter vir sentimeter.” Onthou u nog destyds die hongersnood daar in Ethiopië? Die honger kinders, die ribbebene wat wys, die vlieë op die gesiggies. ‘n Mens kon letterlik sien hoe hulle agteruitgaan. (Wys op die skerm honger, maer kinders).

Miskien voel u ook vandag so, hier aan die einde van die jaar, dat u sentimeter vir sentimeter agteruit gaan as gevolg van die leë gevoel in u binneste oor u huwelik; u werksituasie, of selfs u verhouding met die Here.

Wat 'n wonderlike belewenis moes dit daarom nie vir die mense gewees het toe Jesus Christus die brood vermeerder het nie. Ja, toe Hy die brood gebreek het, en dit uitgedeel het aan die mense.

Vir my is dit ongelooflik, en dit het my persoonlik geraak, dat Jesus die mense nie forseer het om die brood te eet nie. God forseer jou ook nie vandag om van jou leë gevoel ontslae te raak nie. Dalk is jy vol *fiemies*. Jesus breek egter die brood (tel die brood op en breek dit) op so 'n wyse, soos die volgende verhaal dit uitwys.

Eendag was daar 'n man wat niks anders wou doen as om duiwe te voer nie. Met sy eerste poging het hy die brood in die rigting van die duiwe gewys, en geroep: “Kom nader duiwe, dis wat julle nodig het!” Die duiwe het verskrik weggevlieg. Met sy tweede poging het hy 'n duif gevang, en brood in sy bekkie gedruk en gesê: “Eet!” Die arme duif het beangs weggevlieg. Met sy derde poging het die man die broodkruummels mooi netjies uitgegooi op die grond (neem bak met broodkruummels in, en strooi dit), en die duiwe het gekom en dit opgepik.

Dalk is een van die redes, hoekom baie mense leeg van die kerk weggaan, omdat hulle die Woord moet eet, of omdat die Woord in hulle kele afgedruk en geforseer word. Dan verstik ons, en ons raak bang.

Dit is nie hoe Jesus Christus die brood kom gee het nie. Hy het dit kom uitdeel. Verniet. Gratis. Dit is 'n geskenk. Hierso. Eet soveel as wat jy wil, sodat ons lees in vers 37: Almal het geëet en genoeg gekry. Genoen gekry.

As kind het ek almal moeg gespeel. Ek onthou nog die sinkende gevoel as my maatjies belangstelling verloor het in 'n speletjie, nog voordat ek genoeg gehad het. Hier lees ons egter dat almal het genoeg gekry. Die Heilige Gees het geduld met jou. Met my. Met jou vrae. Hy bring die lewende Brood Jesus Christus, en Hy hou dit vir jou, totdat jy genoeg gekry het.

In hierdie Kersfeestyd herdenk ons weer Jesus Christus as die Lewende Brood wat vir ons gebore is. Die Seun van God wat vir jou die genoegsame, heilsame, volkome offer gebring het aan die kruis en opgestaan het, en daarom sluit ek af deur 'n paar getuienisse van mense voor te lees wat volgemaak is deur Jesus Christus.

Die Here het my hart aangeraak, maar ek moes vir myself eers afvra: Waar staan Jesus in my lewe? Ek het met 'n skok besef dat daar geen tyd of plek vir Jesus in my lewe is nie, behalwe Sondag in die kerk. My lewe was so leeg, totdat Jesus my kom aanraak het. Baie dankie vir al julle gebede!

Geliefdes in Jesus, daar is werklik krag in gebed. Ek kan getuig daarvan hoe my droewige situasie by die huis verander is. Ek wil net al die eer aan ons Koning Jesus Christus gee!

Ons dien 'n Lewende God. Vriende van ons dogter het op skei gestaan. Ek het vir voorbidding gevra, en Jesus het daardie huwelik aangeraak, sodat hulle nou vir berading gaan. Jesus het ook vir my dogter wat leeg was as gevolg van hulle situasie, aangeraak, en gewys ons dien 'n almagtige God.

Amen

Geloofsbelydenis vind plaas na die preek as antwoord op God se wonderlike genade in Jesus Christus. Die gemeente bly staan vir die slotgebed.

Dankoffers word opgeneem, en elke lidmaat wat aangeraak is kan 'n broodkrummeltjie saam met die dankoffer ingegooi, simbolies daarvan dat sy lewe volgemaak is.

Slotlied: Lied 484: 1-2 (Almal wat dors het, kom geniet).

Seën

Gaan huis toe in die genade van die Here wat vir jou genoeg is. Gaan huis toe met die krag van die Here wat juis tot volle werking kom wanneer jy leeg is. Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal by julle almal wees.

Gemeente sing saam Lied 313 (Amen).

#### 4.3. Die gesprek na die erediens

Omdat die induktiewe wyse van prediking toelaat dat die gesprek na die erediens voortgesit word, kyk ons nou hoe die gesprek na die erediens kan verloop.

##### 4.3.1. Vrae rondom die preek

Op die weeksblaadjie kan vrae aangebring word, wat as riglyn kan dien om die gesprek te bevorder en uiteindelik uit te kom by die belydenis van Jesus Christus. Vir die preek het ek die volgende vyf vrae gegee:

- Wanneer het dit met jou gebeur dat jy gesê het: “Jy het genoeg gehad?”
- Hoe verstaan u die storie oor die man wat die duiwe gevoer het? Dink u ons forseer partykeer die brood (Woord) in mense se kele af?
- Watter belydenis wil die preek maak oor Jesus Christus?
- Hoe het u gevoel toe Jesus Christus u volgemaak het?
- Het u ‘n getuienis om te gee?

#### 4.3.2. Ruimtes vir die gesprek om plaas te vind

Ek vind die beste kommunikasieruimte vir die gesprek om voortgesit te word, is in die vorm van omgegroepe. Die gesprek kan egter ook plaasvind tydens Bybelstudies, by vrouediensgeleenthede, en ook op huisbesoek. Dit hoef nie formeel elke week plaas te vind nie, maar die induktiewe wyse van prediking en gesprek verleen hom spontaan hiertoe.

#### 4.3.3. Geleenthede vir terugrapportering

Ons omgegroepleiers rapporteer gedurig terug oor preke wat bespreek word in hulle onderskeie groepe, en die wonderlike is dat daar soveel nuwe insigte na vore kom wat ek nie raakgesien het nie, dat die boodskap hom verleen tot ‘n opvolggesprek.

#### 4.4. Gevolgtrekkings

- Eerstens, die induktiewe wyse van prediking en gesprek maak dit moontlik dat ons in ‘n postmoderne konteks met mekaar kan praat, vanuit ons sosiale, godsdienstige en maatskaplike omstandighede, en dat ons sal verstaan dat ons gesprek maar net ‘n “voorlopige” gesprek is in die groter dialoog wat plaasvind.

- Tweedens verskaf die induktiewe wyse van prediking en gesprek die ruimte in 'n postmoderne konteks om na mekaar te luister, anders is dit nie 'n gesprek nie. Dat ons die geleentheid het om na mekaar te luister waar ons van mekaar verskil. Dat ons die geleentheid het om na mekaar se opinies en standpunte te luister, sodat ons krities na ons eie standpunte sal gaan kyk.
- Derdens impliseer die induktiewe wyse van prediking en gesprek dat hierdie praat en luister 'n proses is wat nie stop nie. Dit is 'n aktiewe, dinamiese proses. Dit omhels dus Paul Ricoeur se “dialektiese” beweging van deelname en distansiëring wat lei na die toe-eiening van standpunte, opinies en oortuigings as gevolg van die gesprek.
- Laastens maak die induktiewe wyse van gesprek dit vir ons moontlik om Jesus Christus te bely. Dit open 'n weg om belydenisgerigte preke te preek, wat gaan oor die wonder van die gekruisigde en opgestane Here Jesus Christus, om daardeur vir 'n postmoderne wêreld te sê wie ons is, aan wie ons behoort, en deur wie ons bestaan. Op hierdie wyse word die hoorders uitgenooi om saam met Jesus Christus en ons (gelowiges) op Sy weg te gaan.

## 5. SAMEVATTING

Ek het die verhandeling begin met 'n gedig wat vertel van 'n Boerekryger wat na die oorlog uit ballingskap na sy geliefdes teruggekeer het. Maar met die oorlog het baie dinge verander. Nou moet hy van voor af gaan begin. Nuwe sin gaan soek. 'n Nuwe lewe gaan maak, en dit is nie maklik nie. Ek het die gedig aangehaal, want ons leef in 'n nuwe tydsges. Postmodernisme. Vir baie voel dit ook of alles verander het, of ons van vooraf moet gaan sit om sin en rigting te kry. Postmodernisme wil egter nie die einde van waarheid aankondig nie, maar dryf ons om 'n



gesprek wat nog nie klaar is nie, te omhels. ‘n Waarheid waaroor ons nog nie klaar gepraat het nie.

Wat uiteindelik verander het is nie die Waarheid (Jesus Christus) nie, maar die manier hoe ons oor die Waarheid gepraat het, en vas te lê in reëls, en godsdienstige sisteme vir mense. Dit gaan dus daaroor dat ons nog lank nie die laaste woord in ons prediking oor die waarheid en geloof gesê het nie. Die toekoms van die waarheid en geloof lê dus nog oop voor ons, en dit maak my baie opgewonde. Hierdie openheid van die toekoms roep ons op om in gesprek met mekaar te tree, wat aan ons die geleentheid gee om Jesus Christus te bely, soos die preekteorie van Dawid Lose vir die prediking voorstel in ‘n postmoderne konteks.

BRONNELYS

Allen, D 1989. *Christian Belief in a Postmodern World*. Louisville: Westminster/ John Knox Press.

Austin, JL 1975. *How to do Things with Words*. 2 nd ed. Edited by J.O. Urmson and Maria Sbisa. Cambridge, Mass: Harvard University Press.

Buechner, F 1977. *Telling the Truth: The Gospel as Tragedy, Comedy and Fairy Tale*. New York: Harper Collins.

Cilliers, JFE 1984. “*Die Vlakte en ander gedigte*”, opgeneem in Senior Verseboek deur D.J. Opperman: Tafelberg Uitgewers.

Clement, R 1999. Expository Preaching in a Postmodern World: *ERT* 23:2, 174-182.

Craddock, FB 1981. *As one without Authority*. 3 rd ed. Nashville: Abingdon Press.

De Bono, E 1990. *I Am Right- You Are Wrong*. London, England: Viking.

Depoortere, K 1994. Sacramentum vier(1): Waar het leven icoon word. Collationes. *Vlaams Tijdschrift voor Theologie en Pastoraal*, 24 (4): 363-388.

Derrida, J 1982. “*Signature Event Context*,” in his *Margins of Philosophy*, trans. A. Bass Chicago: University of Chicago Press.

Die Groot Aanhalingsboek, 2004: Lux Verbi. BM

Die Nuwe Hervorming, 2002: Protea Boekhuis Pretoria.

Douma, J 1984. *Verantwoord handelen: inleiding in de christelijke etiek*.  
Ton Bolland: Amsterdam.

Du Toit, B 2000. *God ? Geloof in 'n postmoderne tyd*. Bloemfontein:  
CLF- Uitgewers.

Forde, G 1990. *Theology is for Proclamation*. Minneapolis: Fortress  
Press.

Foss, SK and Griffin, CL 1995. "Beyond Persuasion: A Proposal for an  
Invitational Rhetoric." *Communication Monographs* 62: 1-18.

Fulkerson, MM 1994. *Changing the Subject: Women's Discourses and  
Feminist Theology*. Minneapolis: Fortress Press.

Gerrish, BA 1999. *Saving and Secular Faith: An Invitation to Systematic  
Theology*. Minneapolis: Augsburg Press.

Hall, DJ 1996. *Confessing the Faith*, vol. 3 of Christian Theology in a  
North American Context. Minneapolis: Fortress Press.

Hendricks, HG 1987. *Teaching to Change Lives*. Portland Ore:  
Mutnomah.

Immink, G 2001. *In gesprek met de 'New Homiletic.'* Praktische Theologie 28 (3), 371-393.

James, W 1977 (1908). *A Pluralistic Universe*. Cambridge, Mass: Harvard University Press.

James, W 1902. *The Varieties of Religious Experience. A Study in Human nature*. The modern Library. Random House: New York.

Johnston, GJ 2001. *Preaching to a Postmodern World*. Grand Rapids Michigan: Baker Books.

Kay, JF 1994. *Christus Praesens: A reconsideration of Rudolf Bultmann's Christology*. Grand Rapids: Eerdmans.

Koopman, N en Vosloo, R 2002. *Die ligtheid van die lig: Morele oriëntasie in 'n postmoderne tyd*. Wellington: Lux Verbi. BM.

Long, TG 1989. *The Witness of Preaching*. Louisville: Westminster/ John Knox Press.

Lose, DJ 2003. *Confessing Jesus Christ. Preaching in a Postmodern World*. Grand Rapids, Michigan/ Cambridge, U.K: William B. Eerdmans Publishing Company.

Lutzer, EW 1994. *Christ among the gods. A Defence of Christ in an Age of Tolerance*. Chicago: Moody Press.

- Mackay, H 1994. *Why Don't People Listen?* Sydney, Australia: Pan Macmillan.
- Maslov, A 1962. *Towards a Psychology of Being*. NY: Van Nostrand.
- McClure, J 1995. *The Roundtable Pulpit: Where Leadership and Preaching Meet*. Nashville: Abingdon Press.
- Miller, C 1995. *Marketplace Preaching: How to Return the Sermon to Where It Belongs*. Grand Rapids: Baker.
- Pieterse, HJC 1985. *Verwoording en Prediking*. Pretoria: NGKB.
- Plantinga, C (Jr.) 1999. "Dancing the Edge of Mystery." *Books and Culture*, September/ October
- Quicke, MJ 2003. *360 Degree Preaching: Hearing, Speaking and Living the Word*. Grand Rapids: Baker Academic.
- Resner, A (Jr.) 1999. *Preacher and Cross: Person and Message in Theology and Rhetoric*. Grand Rapids: Eerdmans.
- Reumann, JHP 1992. "After Historical Criticism, What? Trends in Biblical Interpretation and Ecumenical, Interfaith Dialogues." *Journal of Ecumenical Studies* 29.
- Ricoeur, P 1981. "Appropriation." *In Hermeneutics and the Social Sciences: Essays on Language, Action and Interpretation*, edited,

translated, and introduced by John B. Thompson. Cambridge: Cambridge University Press.

Ricoeur, P 1976. *“Interpretation Theory: Discourse on the Surplus of Meaning.”* Fort Worth: Texas Christian University Press.

Rose, L 1997. *Sharing the Word: Preaching in the Roundtable Church.* Louisville: Westminster/ John Knox Press.

Searle, JR 1979. *Expression and Meaning: Studies in the Theory of Speech Acts.* London: Cambridge University Press.

Smith, CM 1992. *Preaching as Weeping, Confession, and Resistance: Radical Responses to Radical Evil.* Louisville: Westminster/ John Knox Press.

Stark, C 2005. *Proeven van de preek. Een praktisch- theologisch onderzoek naar de preek als Woord van God.* Zoetermeer: Boekencentrum.

Sweet, LI 2000. *Postmodern Pilgrims. First Century Passion for the 21<sup>st</sup> Century World.* Nashville, Tennessee: Broadman & Holman.

Tisdale, LT 1997. *Preaching as Local Theology and Folk Art.* Minneapolis: Fortress Press.

Tracey, D 1987. *Plurality and Ambiguity: Hermeneutics, Religion, Hope.* San Francisco: Harper & Row.

Van Blerk, H 1995. *Die preekinleiding*. Voortrekkerhoogte: Makro.

Van der Walt, N 2005. *Postmodernisme*. Van die Internet afgelaai:  
2005/08/11.

Verhoef, PA 1973. *Metodiek van die Eksegese*. Kaapstad: NG Kerk-  
Uitgewers.

Volf, M 1998. *After Our Likeness: The Church as the Image of the  
Trinity*. Grand Rapids: Eerdmans.

Vos, CJA 1996. *Die Volheid Daarvan 1: Homiletiek uit 'n hermeneutiese-  
kommunikatiewe perspektief*. Pretoria: RGN.

Walker, A 1996. *Telling the Story: Gospel, Mission and Culture*. London:  
SPCK.